

A.5 VERHOUDINGS

A.5.1 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: VERHOUDINGS

1. VERHOUDINGS MET SINODES

1.1 MODERATORSKONFERENSIE

Met die fondse wat 'n lidmaat wat die belange van die NG Kerk swaar op die hart dra asook die goedgunstige medewerking van die verskillende sinodes kon daar die afgelope 15 jaar jaarliks 'n moderatorskonferensie gehou word waar die moderators in afsondering voor die Here kon stilword. Die moderators van die sinodes van die ander drie kerke van die NG Kerkfamilie kon die jongste konferensie in Februarie 2007 bywoon.

1.2 KONTAK MET SINODES

1.2.1 Die Algemene Sekretaris asook ander Moderatuurslede soos moontlik, woon die vergaderings van die sinodes by ter wille van kontak en op die hoogte te wees van hoe die hart van die NG Kerk klop.

1.2.2 Kragtens die besluite van die Algemene Sinode 2004 funksioneer die kantoor van die Algemene Sekretaris ook ter wille van *dienslewering* aan die sisteem, *koördinerings* van die werksaamhede van die Algemene Sinode asook die *skep van netwerke* waarbinne die sinodes as kerkvergaderings in eie reg saam met mekaar aan die Roepingsverklaring gestalte kan gee.

2. KERKHERENIGING

2.1 BESLUIT 2004 (Besluiteregister F.1.1/3)

Ter wille van maklike verwysing tydens die vergadering word die besluit volledig weergegee:

1. Inleiding

*1 Die NG Kerk is hartseer en verleë omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie veel gevorder het nie. Terwyl daar faktore is wat die proses werklik baie moeilik maak, weet ons dat dit nie 'n verskoning is nie.

*2 By die Sinode het ons voor die aangesig van die Here opnuut oortuig geraak van die belangrikheid van kerkeenheid en ons wil onself met nuwe toewyding daaraan wy. Ons glo dat die Here van ons vra om so spoedig moontlik ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom in een kerkverband. Ons glo ook dat 'n verdeelde kerk baie moeilik die roeping wat die Here vir ons as kerk het, sal kan uitvoer. Ons huiwer om dit te sê, maar ons oordeel dat versuim in hierdie verband nie net sal beteken dat ons die Here gefaal het nie, maar ook ons Suider-Afrikaanse samelewing – en miskien veral die kinders en jongmense.

*3 Ons pleit by die ander kerke van die NGK-familie vir 'n inklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons kerke, saam te neem op die pad vorentoe.

*4 Ons is verbind aan die VGK wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit sal wil inbring in die nuwe verband. Ons is egter ook verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.

*5 Wat ons eie kerk betref, het ons 'n verantwoordelikheid teenoor baie predikante en lidmate wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar sou wou onderskryf, maar ook baie predikante en lidmate wat om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.

*6 Ons glo dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het en sou onself wou gee vir 'n proses waarin ons so gou as moontlik een word in 'n "ruim huis" wat plek maak vir almal van ons – met die baie waaroor ons saamstem, maar ook dit waaroor ons verskil.

*7 Ons glo dat dit ironies sal wees as ons rondom 'n belydenisskrif wat juis die eenheid van die kerk bely by 'n punt kom waar ons die kerk maar laat skeur omdat ons nie meer glo dat die Here ons almal bymekaar kan hou en in een herenigde kerk kan saambring nie.

*8 Ons pleit by ons broers en susters vir 'n spoedige hereniging in 'n ruim en breë eenheid waarin ons mekaar aanvaar en aanneem met al ons bagasie, en ook kans kry vir 'n groeiproses waarin ons mekaar leer ken en leer liefkry.

*9 Ons bied die volgende voorstel aan die ander lede van die familie aan as ons aanbeveling oor hoe ons mekaar iewers in die middel kan ontmoet en 'n pad saam kan begin loop. Ons gaan ook so spoedig moontlik met ons eie gemeentes in gesprek tree oor hierdie voorgestelde proses vir kerkhereniging.

*10 Ons hoop dat ons spoedig "iewers in die middel" een nuwe herenigde kerk kan vorm waar ons almal saam voor Christus buig en voor mekaar en as 'n saam-kerk die pad vorentoe aanpak.

2. Verbintenis tot kerkhereniging

Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl die VGK, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra – ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuigenis in Afrika nou. Ons glo dat ons as Familie bymekaar hoort, mekaar nodig het en saam 'n wesenlike taak te vervul het in ons lande.

3. 'n Keuse om gou weer op gang te kom met die proses en saam te groei na groter eenheid

3.1 Die NG Kerk is jammer dat die herenigingsproses sloer. Ons is oortuig dat daar genoeg gronde is waarom ons spoedig met die kerkherenigingsproses kan begin:

(1) Ons het 'n gedeelde geskiedenis en weet almal dat ons bymekaar hoort;

(2) Al die kerke aanvaar reeds die formuliere van eenheid as 'n gemeenskaplike belydenisbasis;
(3) Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar;

(4) Daar bestaan in baie gemeentes, ringe en sinodes reeds baie goeie samewerkingsverbande en strukture en op sommige plekke is daar reeds eenheidstrukture opgerig.

3.2 Ons is van oordeel dat hierdie sake genoeg geloofskonsensus bied sodat ons saam weer die proses op pad na een kerkverband kan begin. Ons doen 'n beroep op die ander kerke van die familie dat ons so gou doenlik die voorbereidende proses op gang sal kry.

3.3 Ons glo dat ons so 'n pad nie alleen aanpak nie. Die getuienis van ander wat die pad reeds geloop het, help ons om ons vertrou te stel op die versoenende krag van die evangelie van Christus wat ons steeds nader aan mekaar kan bring en ons kan laat groei in ons liefde en begrip vir mekaar.

4. 'n Pad wat baie geduld, begrip en tegemoetkoming van almal vra

Die geskiedenis leer ons dat verenigingsprosesse tussen kerke nooit eenvoudig is nie. Dit vra van alle betrokkenes geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoetkoming. Dit beteken dat ons almal bereid sal moet wees om mekaar iewers in die middel te ontmoet. In die proses sal ons deurentyd moet rekening hou met vrae en onsekerheid wat mense het en dit met groot geduld, sensitiwiteit en baie gesprek hanteer.

5. Die Belharbelydenis

Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word (vgl besluit AS 1998). Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van Belhar (ons verbintenisse aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998). Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede, en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif moet onderskryf nie.

Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onself hiertoe.

6. Model: 'n verenigde kerkverband van selfstandige plaaslike gemeentes

Ons stel voor dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode. In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar.

7. Gemeentes se reg om hul oor hul eie werk te besluit word erken

Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskrif of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die gemeente.

8. Ander kwessies word gedurende die proses onderhandel

Daar is 'n aantal sake waarvoor saam onderhandel moet word as die voorbereidende proses aan die gang kom. Dit sluit in die skryf van 'n nuwe kerkorde, die naam van die kerk, teologiese opleiding, organisasie van kerklike werksaamhede, finansies en eiendom, taal, ens. Ons is bewus daarvan dat van hierdie sake baie sensitief en emosioneel van aard is en dat die onderhandelings hieroor met baie wysheid, oorleg en sensitiwiteit hanteer sal moet word. Tog is ons van oordeel dat meningsverskille oor hierdie meer praktiese sake nie in die pad van kerkhereniging behoort te staan nie.

9. Wesenlike rol van gesamentlike gesprek en besinning op alle vlakke

Ons glo dat die proses van kerkhereniging indringende gesprekke en begeleiding op alle vlakke gaan vra – veral ook op grondvlak met gemeentes en lidmate. Ons verbind onself tot hierdie gesprekke en oordeel dat dit 'n groot wins gaan wees as van hierdie gesprekke ook saam gevoer kan word. Ons is oortuig dat dit die proses sal aanhelp as die gesprekke oor eenheid gevoer word in die lig van ons gesamentlike roeping in ons lande en ons gesamentlike geloof in die evangelie.

10. Kerkskeuring moet ten alle koste probeer vermy word

Ons spreek die oortuiging uit dat ons in die herstel van een kerkverband kerkskeuring na enige kant ten alle koste moet probeer vermy. Dit het te dikwels gebeur – ook in ons gereformeerde tradisie – dat kerkverenigingsprosesse aanleiding gegee het tot kerkskeuring, die vorming van nuwe kerke en nuwe twiste. Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak.

11. Die byeenbring van alle gereformeerde kerke

Ons spreek die hoop uit dat die hereniging van die familie 'n tree sal wees op pad na die byeenbring van alle kerke van gereformeerde belydenis in SA.

12. Raadpleging van gemeentes

Hoewel die Algemene Sinode en sy kommissies 'n taak het om leiding te neem, onderhandelings te voer en voorstelle te maak ten opsigte van hierdie proses, bevestig ons weereens dat ons verbind is om ons gemeentes te raadpleeg en te toets sodat ons saam hierdie pad kan loop. Ons is oortuig dat ons kerkskeuring ten alle koste moet probeer vermy. Dit gaan waarskynlik vra vir 'n proses waarin ons vorentoe beweeg maar heeltyd sensitief is en ruimte maak vir mense met huiweringe en vrae.

13. Proses verder

Vir die proses van raadpleging met die sinodes en kerkrade in die NGK ten opsigte van die eenheidsproses in die NGK-familie stel die Algemene Sinode die volgende riglyne:

1. Die besluite van die Algemene Sinode van 2004 oor die herstel van een kerkverband in die NGK-familie (ASK verslag 13:4 pt 4.3) het die status van aanbevelings vir gebruik in die verdere verloop van die gesprek met hierdie familie.

2. Hierdie aanbevelings word in 'n konsultasieproses deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings. Die konsultasieproses met kerkrade en gemeentes is die verantwoordelikheid van elke sinode/sinodale kommissie/sinodale diensraad/ moderamen en word in oorleg met die ASK (plus ander kundiges) as die lede van die taakspan vir kerkhereniging uitgevoer sodat die resultaat nie later nie as einde Januarie 2006 by die ASK is. Die konsultasieproses gaan oor die volgende:

2.1 Die besluite oor kerkhereniging van die Algemene Sinode 2004;

2.2 Die praktiese implikasies van elemente van die proses soos gevisualiseer in hierdie besluite plus die bepalinge van Die Kerkorde (onder andere artikel 36, 37 en 44) en die Algemene Sinode se besluit oor 'n moontlike konsensus of 'n tweederde meerderheid van kerkrade (in 1998 en 2002). In die verband is die volgende by 1.1.9 van die besluite van 2004 belangrik: "Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak".

3. Na die afhandeling van hierdie konsultasieproses word die resultaat deur die taakspan verwerk en by die voortgaande gesprek in die NGK-familie betrek. Intussen is die aanbevelings van die Algemene Sinode 2004 beskikbaar vir kommentaar vanuit die hele NGK-familie en vorm dit deel van die gesprek en onderhandelings in die familie.

4. Die toetsing van kerkrade en sinodes oor "finale" of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat 'n behoorlike proses van konsultasie en saampraat met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die ASK plaasgevind het.

5. Werklike kerkeenheid staan of val by die wyse waarop dit op gemeentevlak sigbaar word. Daarom moet gemeentes gemotiveer en konkreet gehelp word om na gelang van hulle plaaslike omstandighede met die ander gemeentes van die NG Kerkfamilie in hulle omgewing, asook binne ander samewerkingstrukture, daadwerklik saam te werk. Aangesien hierdie 'n saak is wat binne die hele kerkverband belangrik is, is dit 'n dringende prioriteit wat die ASK in samewerking met en deur sinodes en ringe moet hanteer.

14. Approbasie by kerkeenheid

14.1 Kerklik gesproke is approbasie 'n oop proses wat onder toesig van die kerkverband in regverdigheid en billikheid hanteer word, of as gesprek, of as geskilbeslegting, of as appèl, of waar persone ter sprake is, ook moontlik as tug. As die approbasie oor 'n saak handel, word in die proses na konsensus gestreef, maar as deel van die oop proses sou ook ooreengekom kan word dat daar toetsing van die betrokke lidmate moet wees.

14.2 Approbasie word dwarsdeur Reglement 6 op dieselfde wyse hanteer, behalwe by 6:1 (afstigting) waar vereis word dat meer as die helfte van die lidmate 'n versoekskrif en waarborglys onderteken.

14.3 Die bewoording oor approbasie lees: "die ooreenkoms word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan die gemeente(s) vir approbasie bekendgemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste afkondiging skriftelik by die skriba ingedien moet word."

14.4 Die kerkrade maak hulle konsensusmening, of hul gedebatteerde besluit met tweederdemeerderheid aan die gemeente op twee Sondae bekend vir approbasie. Indien die besware uitloop op 'n besluit tot toetsing van die gemeente, word dit gedoen. Uiteindelik maak die kerkraad hulle geaprobeerde besluit aan die sinode bekend.

14.5 Twee derdes van alle kerkrade moet hierdie eenparige-konsensus- of tweederdemeerderheid-geaprobeerde besluit verkry.

14.6 Elke sinode moet dan met 'n tweederdemeerderheid tot kerkeenheid besluit.

14.7 Nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het, moet die Algemene Sinode dit ook met 'n tweederdemeerderheid aanvaar (Art 43 en 44).

14.8 Dat regsadvies oor hierdie aanbevelings en saak ingewin word, en tot dan toe as voorlopig beskou word.

14.9 Dat die te verkrygde regsadvies, en indien dan nog relevant ook hierdie besluit oor approbasie, ook aan die ander kerke van die NG Kerk-familie gekommunikeer word

15. Sinodevorming

Aangesien strukturele eenheid op Algemene Sinodale vlak noodwendig 'n langsame proses is, kan sinodes wat daarvoor gereed is, wel struktureel met mekaar verenig as sinodes sonder om die bestaande kerkver-

bande prys te gee. Die bedoeling hiermee is ook om die herenigingsproses op Algemene Sinodale vlak te bevorder.

2.2 DIE NG KERK EN DIE VGKSA

2.2.1 Na die besluit van die Algemene Sinode 2004 was daar negatiewe reaksie in die pers vanuit die leierskap van die VGKSA oor ons besluit. Die Moderamen het in November 2004 'n brief aan die VGKSA gestuur waarin die NG Kerk se verbintenis tot die proses herbevestig word ogv die Hartenbossinode, enkele opmerkings oor die inhoud van die besluit verduidelik word asook 'n ontmoeting met die volle ASK van die VGKSA aangevra word:

Ons stuur hiermee vir u 'n afskrif van die besluit wat by ons pas afgelope Algemene Sinode geneem is in verband met die kerkherenigingsproses tussen die kerke van die NG Kerkfamilie.

Ons is baie dankbaar oor die besluit en is van mening dat dit 'n sterker besluit oor hereniging is as enige vorige besluit van die Algemene Sinode. Ons het opnuut bewus geraak dat die Here vir ons as 'n familie van kerke 'n roeping het en dat ons mekaar in die uitleef van die roeping baie nodig het. Ons oortuiging bly dat die Here ons deur sy Woord roep tot die herstel van die kerkverband.

Die besluit lewer 'n pleidooi vir 'n spoedige hereniging, omdat ons oortuig is daarvan dat ons bymekaar hoort, dat ons genoeg het wat ons reeds verenig en dat ons die bagasie wat ons verdeel saam beter sal kan deurwerk.

Daar is predikante, lidmate en gemeentes van ons kerk vir wie dit tans om verskeie redes moeilik is om Belhar as belydenisskrif te aanvaar. Ook twee ander lede van ons kerkfamilie sê dat hulle tans nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te aanvaar nie. Ons soek daarom na 'n weg hoe Belhar as belydenisskrif in die belydenisgrondslag van die nuwe kerk opgeneem word maar so hanteer word dat almal nie gedwing word om daarmee as belydenis-simbool te identifiseer nie. Die besluit is niks anders nie as 'n versoek aan die ander lede van die familie om asseblief saam met ons te begin dink hoe so iets bereik kan word.

Dit is belangrik dat hierdie voorstel daarom nie ervaar moet word as 'n finale posisie nie. Ons voorsien 'n proses waarin, na indringende konsultasie hieroor met mekaar in die familie en in gemeentes, ons as kerke saam 'n finale formulering van die belydenisgrondslag van die nuwe kerk opstel waarmee ons dan weer na gemeentes en kerkrade gaan met die oog op konkrete kerkhereniging.

Ons versoek is dat die ander lede van die familie asseblief saam met ons sal dink hoe ons die eenheidsproses nou die beste saam sal dien. Daarom wil ons formeel vra of u nie asseblief 'n afvaardiging van ons Moderatuur wil nooi om toeligting oor hierdie besluit in u ASK-vergadering aan u te kom gee nie.

Ons wil verder ook 'n dringende versoek tot u rig vir 'n uitgebreide ontmoeting van ons twee ASK's met mekaar rondom die herenigingskwessie.

Ons hoor graag hieroor van u en van enige voorstelle wat u het oor hoe ons vinniger met die proses van kerkhereniging kan vorder.

2.2.2 Die VGKSA het spoedig soos volg reageer:

Die Dagbestuur van die VGKSA het u versoek om een van u lede die geleentheid te gee om die ASK toe te spreek rakende u besluite rondom kerkeenheid, ontvang.

Die Dagbestuur het besluit om u nie nou uit te nooi om die vergadering toe te spreek nie. Die meerderheid lede van die ASK het wel die voorlegging van Dr Coenie Burger tydens die Stellenbosch Belhar/Barmen konferensie aangehoor. Ons het ook u volledige besluit in die agenda opgeneem vir die insae van al die lede en dit sal ter sprake kom tydens ons bespreking oor die eenheidsproses. Ons glo dat dit die beste weg is om tans die kwessie te hanteer.

Die NG Kerk het ook gou daarna die besluit van die VGKSA se volle ASK ontvang tov die besluite van die NG Kerk se Algemene Sinode 2004:

DECISION OF THE GENERAL SYNODICAL COMMISSION OF THE URCSA ON THE DECISION OF THE GENERAL SYNOD OF THE DRC REGARDING CHURCH UNITY

We humbly confess that we are partakers in the call of Jesus Christ, the apostle and the high priest of our confession (Hebrews 3: 1), through the power of the Holy Spirit, who strengthens us to speak the truth in a spirit of love, while we grow in every way to Christ who is the head (Ephesians 4: 15), together with our brothers and sisters of the DRC with whom we are members of the same body (Ephesians 3:7), with whom we are called together to that oneness in our faith and in our knowledge of the Son of God (Ephesians 4: 13), striving to live a life that measures up to the standard God had set when He called us, in the spirit He prescribes, to preserve the unity that He gives (Ephesians 4: 1 – 3). In this spirit:

1. The GSC declares unambiguously its rejection of the inclusion of the Confession of Belhar as an optional confession. It rejects any notion of dealing with this confession in a context of doctrinal liberty.
2. We prayerfully request the DRC to urgently reconsider this part of her decision with the motivation given, because such treatment of the confessional basis for a united church is not helpful in the process of re-uniting our divided family.
3. We request that the Confession of Belhar be treated no less and no more than the three formulas for unity which guide and guard our faith, life and work as members of the body of Christ.
4. The GSC recognizes the principle of freedom of conscience and proposes that those parties unwilling to underwrite the confession be pastorally accompanied and encouraged to accept it and not be excluded from the new church.
5. The GSC rejects the notion of an 'urgent' unity based on unity structures that compromise any clear resolution of the confessional basis of a united church.
6. The GSC requests all church structures to evaluate the structures of co-operation and ensure that they express the message of the Confession of Belhar regarding the true unity, reconciliation with integrity and compassionate justice that empowers the poor.
7. The GSC decides that in all negotiations with the DRC on church unity, the agenda of negotiations should be based on the Confession of Belhar, its practical content, emotions and fears that exist, i.e. the historical baggage, the economic aspects, i.e. restitution and other factors that go with it.
8. The GSC appoints a task team to provide guidelines to the URCSA structures on the faith and conviction of the URCSA, as expressed in the Confession of Belhar as it impacts on the processes mentioned above. The task team provides these guidelines to the Executive Committee who will provide them to the church. The Executive Committee monitors and guides the reunification process with report to the General Synodical Commission or General Synod.
9. We pray that Christ may dwell in our hearts, that his Spirit will strengthen us for the re-unification task, that we may be rooted and grounded in God's love and that we will be filled with the fullness of God, for the glory of God (refer Ephesians 3: 14 – 21).

2.2.3 Die Moderamen het in Februarie 2005 weer 'n ontmoeting met die volle ASK van die VGKSA aangevra. Dit kon nie in 2005 realiseer nie, maar wel drie baie goeie en positiewe gesprekke tussen die Moderature van die twee kerke.

2.2.4 Gedurende 2005 het die Moderamen 'n skriftelike antwoord van die Moderatuur van die VGKSA ontvang oor ons sinodebesluit. Dit is opgestel deur ds James Buys:

KOMMENTAAR OP DIE BESLUIE VAN DIE NGK ALGEMENE SINODE 2004 IVM KERKEENHEID

1. INLEIDING

Die onderstaande poog om kortliks kommentaar te lewer op die besluite van die NGK Algemene Sinode 2004 en terselfdertyd voorstelle te bedien oor die pad vorentoe.

Die kommentaar en voorstelle is in hoofsaak afhanklik van besluite van die Dagbestuur en ASK van die VGKSA.

2. BESLUIE VAN DIE DAGBESTUUR

Die volgende besluit van die Dagbestuur wat ook met die ASK van die NGK gedeel is, verteenwoordig kommentaar op die besluite van die Konvent van die Kaapse Sinodes van die NGK en VGKSA.

Die relevante deel van die hierdie besluite slaan in hoofsaak op die die houding van die VGKSA oor die plek van die Belydenis van Belhar in 'n verenigde kerk. Die volgende is die uittreksel uit die tersake besluit:

“Die Dagbestuur het kennis geneem en indringend aandag geskenk aan die besluite van die Konvent van Eenheid van die Kaapse Sinodes. Die Dagbestuur is verheug oor die verloop van die Konvent. Die Dagbestuur se respons op die voorstelle van die Konvent is gegrond op die besluite van die Algemene Sinode van 1998 en 2002 asook die besluite van ons ASK.

a. Besluite in verband met Belydenis van Belhar

Die Dagbestuur verwelkom die besluit en deel graag ons mening oor die onderskeie paragrawe. In geheel gesien verteenwoordig die besluit noemenswaardige vordering op pad na eenheid. Ons beseft dat hierdie besluit as voorstel aan die Algemene Sinode van die NGK in Oktober voorgehou moet word. Ons glo dat die aanvaarding van hierdie voorstel as beginsel vir die belydenisgrondslag vir 'n eenheidskerk 'n positiewe sein sal gee. Hiermee saam sal dit ruimte skep vir 'n nuwe proses van toetsing van die Belydenis van Belhar binne die NGK.

*Die Dagbestuur aanvaar **paragrafe 1 & 2.***

Die Dagbestuur het enkele voorbehoude wat **paragraaf 3** aangaan. Ons oordeel dat die besluit duidelik kwalifiseer moet word met riglyne ten opsigte van (i) kriteria vir beoordeling van voorbehoude, (ii) prosedurele raamwerk van begeleiding (iii) tydsraamwerk vir afhandeling van die proses.

Die hoofdoel met die voorbehoud is geensins om in die proses dwang op te lê nie maar om die grootste moontlik ruimte te skep vir eenheid rondom hierdie saak. Ons oordeel dat duidelikheid oor die onderhawige sake op sigself 'n geborgenheid sal skenk aan enige persone wat in hierdie kategorie val.

Paragraaf 4 hou nie direk verband met die belydenisgrondslag van 'n eenheidskerk nie maar verteenwoordig liever 'n breë verklaring van toewyding aan die ideal van kerkeenheid. Die Dagbestuur onderskrywe heelhartig die ideaal wat hierin vervat is op grond van ons geloof soos verklaar in die Belydenis van Belhar.

Wat **paragraaf 5** aangaan, sal die Dagbestuur die besluit saam met ons reaksie voorlê aan die eerskomende ASK van die VGKSA. Die begrip "implementering" vra egter opheldering. Ons verstaan dat met implementering daar bedoel word dat die voorgeskrewe prosedures gevolg sal word wat regmatige oorweging en besluitneming van die onderskeie kerkvergaderings insluit."

3. BESLUIE VAN DIE ASK VAN DIE VGKSA – 2004

Die ASK van die VGKSA het tydens sy vergadering in 2004 die Besluit van die Algemene Sinode van die NGK in behandeling geneem. Die ASK van die VGKSA het in hierdie verband as volg besluit:
(Vgl hierbo by pt 2.2.2)

4. PAD VORENTOE

Ons is van mening dat die besluite van die Dagbestuur en die ASK van die VGKSA as riglyn dien vir die gesprek oor die pad vorentoe. In hierdie verband het die ASK besluit dat 'n interim eenheid binne die "ruim huis" konsep nie aanvaarbaar is nie. Dit blyk verder uit die besluit dat die agenda vir toekomstige gesprekke in hoofsaak deur onderhandeling oor die Belydenis van Belhar bepaal sal word.

Die bylegging van die verskille oor die plek van die Belydenis van Belhar in 'n eenheidskerk is belangrik om twee redes. Eerstens oordeel ons dat kerkeenheid binne 'n belydeniskerk verbonde is aan 'n gemeenskaplike belydenisgrondslag en tweedens verstaan ons dat die huidige gemeenregtelike vereistes vir kerkeenheid veronderstel dat een kerkverband alleen gevestig kan word op grond van 'n gemeenskaplike belydenisgrondslag.

Die Algemene Sinode van die VGKSA het in September 2005 vergader en 'n uitgebreide besluit oor kerkhereniging geneem wat alle kerke in die proses raak:

CHURCH UNITY REPORT – RESOLUTIONS

Recommendations:

3.1.5 *The General Synod expresses its appreciation for the decision of the NGKA GSC meeting to recommend to their General Synod to change the requirement that stipulate that the NGKA only recognise the legitimation of churches belonging to the Federal Council. The General Synod furthermore decides that multilateral discussions continue after the decision of the General Synod of the NGKA regarding the recognition of the legitimation of the URCSA.*

3.1.6 *The General Synod instructs its Executive Committee to continue with the reconciliation process with the NGKA.*

3.1.7 *The General Synod instructs its Executive Committee to urgently seek ways to continue the process to find an out of court settlement regarding the court cases between the two churches.*

3.1.8 *The General Synod commits itself to a church unity model which reflects organic unity and in no way could be construed as a new form of church apartheid.*

Adopted

Recommendations:

3.2.3 *The General Synod instructs its Executive Committee to continue with the bi-lateral talks with the NGK in order to find ways to overcome the present stumbling blocks to church unity.*

3.2.4 *The General Synod affirms the decision of the GSC 2004 to reject the inclusion of the Confession of Belhar as an optional confession in a new church.*

3.2.5 *The General Synod, in noting that there seem to be no confessional differences or impediments between the NGK, the NGKA and the RCA, expresses the view that these three churches should pursue unification on the basis of an organic unity model. Synod believes that such action would lend authentication to the often-expressed desire for church unity within the DRC family and in the long term contribute to the realisation of true unification amongst all the churches of our family.*

3.2.6 *The General Synod decides not to proceed with the establishment of unity structures that compromise the Confession of Belhar. Synod therefore affirms Point 5 of the GSC 2004 decision (Late Report of the Executive Committee p4) in its rejection of the DRC's decision for a speedy unity on the basis of the "ruim huis" process/model.*

Adopted

Motion

The General Synod initiates discussions with the DRC (bilaterally) and the DRCA (bilaterally) to consider the possibility of a "Truth and Reconciliation" type of process, chaired by a "neutral" chairperson of committee, to attempt to achieve reconciliation and out of court settlements in all the areas where tension has developed between the DRCA, DRC and URCSA.

Adopted

Motion

The Gospel of Jesus Christ, the basic tenets of our Reformed faith, the foundational truths of the Confession of Belhar, and especially our obedience to our Lord compel us to pursue genuine unity with the DRC family of churches and the churches within the Reformed tradition in all Southern Africa. On this point Synod believes that our own integrity and faithfulness are at stake.

In order to fulfil this calling and in response to this gift General Synod acknowledges that our method of pursuing unity through talks at leadership level only has not produced the desired results. We further believe that the emphasis in our search for unity should be shifted to the levels where it really matters and where unity can most visibly and most authentically be experienced and realised: that of regional synod, presbytery, and local congregation.

Therefore General Synod decides to forthwith approve the necessary Church Orderly Regulations (cf. Reglement: Kombinasie van werksaamhede van gemeentes, ringe en sinodes uit verskillende kerkverbande, Agenda, p.531-533) to enable Regional Synods, Presbyteries and local congregations who desire to do so on the basis of the acceptance of the Confession of Belhar, to unite to the fullest extent possible in ministry, even if structural unity, because of church orderly impediments, is not yet possible. This General Synod instructs the Permanent Judicial Commission to urgently give attention to the enabling legislation to make structural union possible.

In doing so, the URCSA will enable authentic unity which will give expression to our own commitment and obedience to the prayer of Jesus, and in so doing inspire our churches as a whole in our efforts towards the realisation of full, organic church unity in Southern Africa.

General Synod not only condones such unions, it encourages and supports them wholeheartedly.

Mindful of the charge laid upon us by the Gospel, the Confession of Belhar itself and the Accompanying Letter to the DRC, General Synod regards these actions as an integral part of the URCSA's pastoral responsibility on the journey to full, organic church union and instructs its Executive Committee to conduct all its discussions with the DRC, the DRCA and the RCA within this context.

Adopted

Recommendation

The General Synod decides not to take up the offer of the RCA to mediate since they are part of the process.

Adopted

Recommendation

The General Synod resolves to propose that the Laudium Declaration becomes part of the historical documents of the new church. The General Synod furthermore affirms that the model of the new church be based on organic unity and not on specific ministerial needs.

Adopted

Recommendation:

The General Synod instructs the Executive Committee to seek closer co-operation with other reformed churches in Southern Africa with the view of unification.

Adopted

2.2.5 'n Positiewe gesamentlike aksie wat gespruit het uit die gesprek tussen die NG Kerk en die VGKSA was 'n gesamentlike brief van die twee kerke aan hulle sinodes en gemeentes tov kerkherenigingsprosesse op grondvlak. Dit was moontlik omdat beide kerke reeds duidelike besluite daaroor geneem het. Die inhoud

van die brief met sy bylaes word hieronder weergegee - een daarvan die VGKSA se interpretasie van hulle besluit rakende die *volle aanvaarding van die Belydenis van Belhar*:

Liewe susters en broers

KERKHERENIGING OP GRONDVLAK: 'N GESAMENTLIKE BRIEF VAN DIE MODERATURE VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

1. Die Moderature van ons twee kerke het op 9 November 2005 'n baie vrugbare en geseënde samespreking te Kemptonpark Konferensiesentrum gevoer. Beide kerke is in die lig van hulle onderskeie besluite positief verbind tot kerkhereniging asook om met ywer hieraan aandag te gee.
2. Die Algemene Sinode van die VGKSA het by haar vergadering in September 2005 te Hilton, Pietermaritzburg, belangrike besluite geneem om die proses van strukturele kerkhereniging op grondvlak oop en prakties uitvoerbaar te maak. Die besluite is aangeheg as Bylaag A.
3. Die NG Kerk het by haar sinodesitting van Oktober 2002 reeds 'n besluit geneem oor *Die kombinasie van werksaamhede van gemeentes, ringe en sinodes/ kommissies van sinodes uit verskillende kerkverbande*. Die besluite is aangeheg as Bylaag B (vgl ook die Kerkorde van die NG Kerk Reglement 6 pt 5).
4. Die Moderature van die VGKSA en die NG Kerk wil met hierdie skrywe gemeentes/ ringe / sinodes wat gereed is daarvoor aanmoedig om met mekaar in onderhandeling te begin gaan oor kerkhereniging op grondvlak in die lig van die twee kerke se besluite.
5. Die Moderature wil graag ook op die volgende sake wys:
 - 5.1 Die besluite van die VGKSA maak dit duidelik dat hierdie prosesse organiese prosesse moet wees met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as basis. Die verskillende kerklike liggeme/ strukture moet in onderhandeling met mekaar ooreenkom oor hoe hulle dit gestalte gaan laat kry, ook in die lig van die kerke se sieninge oor die modelle van kerkhereniging wat wesenlik ooreenstem.
 - 5.2 Die belewenis kan wees dat gemeentes/ ringe/ sinodes/ kommissies van die NG Kerk wat op hierdie stadium nie gereed is om hierdie pad te stap met die Belydenis van Belhar as basis nie, uitgesluit is uit prosesse met die oog op kerkhereniging. Die Moderature wil dit onomwonde stel dat dit beide kerke se begeerte is om in sulke gevalle gemeentes, ringe en sinodes aan te moedig om prosesse daar te stel waar die kerke mekaar beter sal leer ken, huidige vorme van samewerking en kombinasies van werksaamhede uitgebou en versterk moet word en nuwe moontlikhede saam met mekaar ontgin moet word. Hierdie gesprekke en prosesse sal altyd die strukturele eenwording as deel van die agenda hê en voortdurend poog om struikelblokke in die weg van organiese eenwording uit die weg te ruim. Ons is oortuig dat kerkhereniging eintlik net maar van onder af 'n werklikheid kan word. Aangesien vanuit ons geskiedenis dit duidelik is dat ons lidmate nie altyd bymekaar woon nie roep die Moderature kerkrade op om geleenthede te skep sodat multi-kulturele, eenheids-bedieningspunte gevestig kan word. Gesprek en samewerking op alle vlakke en terreine word ten sterkste aangemoedig.
 - 5.3 Die Moderature is verbind om voortdurend met mekaar in gesprek te bly, die prosesse te monitor en hulp op grondvlak te verleen waar dit ookal mag nodig wees.
 - 5.4 Ons is ook oortuig dat daar by ons lidmate 'n ywer en begeerte is om die pad van kerkhereniging op die een of ander manier konkrete gestalte te laat kry.
6. Die Moderature van die VGKSA en die NG Kerk bly met mekaar in 'n oop en positiewe gesprek oor die onderskeie kerke se besluite oor kerkhereniging en hoe dit die kerke raak.
7. Dit is vir ons belangrik om vir u te vra om asseblief voortdurend vir hierdie saak te bid. Waar ons ookal in Suider-Afrika beweeg, hoor ons die kreet van die res van die samelewing hieroor in hulle soeke na 'n konkrete getuie oor eenheid, versoening, geregtigheid en die eer van ons wonderlike Here.
8. Enige navraag in hierdie verband kan na enigeen van die twee kerke se adresse gerig word.

Vriendelike groete in die Naam van die Lewende Here Jesus Christus

Ds Collin Goeman
Algemene Sekretaris
VGKSA

Dr Kobus Gerber
Algemene Sekretaris
NG Kerk

BYLAAG A

BESLUIT VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA OOR STRUKTURELE KERKHERENIGING OP GRONDVLAKE

The Gospel of Jesus Christ, the basic tenets of our Reformed faith, the foundational truths of the Confession of Belhar, and especially our obedience to our Lord compel us to pursue genuine unity with the DRC family of churches and the churches within the Reformed tradition in all Southern Africa. On this point Synod believes that our own integrity and faithfulness are at stake.

In order to fulfil this calling and in response to this gift General Synod acknowledges that our method of pursuing unity through talks at leadership level only has not produced the desired results. We further believe that the emphasis in our search for unity should be shifted to the levels where it really matters and where unity can most visibly and most authentically be experienced and realised: that of regional synod, presbytery, and local congregation.

Therefore General Synod decides to forthwith approve the necessary Church Orderly Regulations (cf. Reglement: Kombinasie van werksaamhede van gemeentes, ringe en sinodes uit verskillende kerkverbande, Agenda, p.531-533) to enable Regional Synods, Presbyteries and local congregations who desire to do so on the basis of the acceptance of the Confession of Belhar, to unite to the fullest extent possible in ministry, even if structural unity, because of church orderly impediments, is not yet possible. This General Synod instructs the Permanent Judicial Commission to urgently give attention to the enabling legislation to make structural union possible.

In doing so, the URCSA will enable authentic unity which will give expression to our own commitment and obedience to the prayer of Jesus, and in so doing inspire our churches as a whole in our efforts towards the realisation of full, organic church unity in Southern Africa.

General Synod not only condones such unions, it encourages and supports them wholeheartedly.

Mindful of the charge laid upon us by the Gospel, the Confession of Belhar itself and the Accompanying Letter to the DRC, General Synod regards these actions as an integral part of the URCSA's pastoral responsibility on the journey to full, organic church union and instructs its Executive Committee to conduct all its discussions with the DRC, the DRCA and the RCA within this context.

BYLAAG B

KOMBINASIE VAN WERKSAAMHEDE VAN GEMEENTES, RINGE EN SINODES/KOMMISSIES VAN SINODES UIT VERSKILLENDE KERKVERBANDE

Kombinasie beteken hier dat twee of meer kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, of kommissies van kerkvergaderinge, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede.

5.1 Praktiese en kerkregtelike riglyne

5.1.1 Die aspekte of saak ten opsigte waarvan die partye 'n kombinasie beoog, moet duidelik omskryf word.

5.1.2 'n Skriftelike ooreenkoms word opgestel wat alle regte, pligte en verantwoordelikhede (insluitende finansies) van die partye duidelik omskryf.

5.1.3 Die bestaande Reglement 9 wat handel oor Kerklike Eiendomme, Goedere en Fondse, moet by die opstel van die ooreenkoms in berekening gebring word.

5.1.4 Waar die standplaas of ander pos van 'n leraar kragtens die beoogde kontrak in gedrang kan kom, moet Artikel 12 van die Kerkorde in ag geneem word.

5.1.5 Indien dit die bedoeling is dat die gekombineerde liggaam die reg sal hê om sake te hanteer soos die beroep en indiensstelling van 'n leraar, moet aspekte soos konstituering, kworumvereistes, wyse van besluitneming, stemreg, befondsing, verantwoordelikheid vir die standplaas of aanstelling, pensioen, medies, administrasie ens noukeurig uitgeklaar word.

5.1.6 Die kontrak moet dit duidelik stel dat die daarstelling van die gemeenskaplike doelwitte kragtens die kontraktuele ooreenkoms, nie die regte en verantwoordelikhede van die kontrakterende kerkvergaderinge/kommissies kan ophef of tot niet verklaar nie.

5.1.7 Die ooreenkoms kan voor die verstryking van die vasgestelde termyn gewysig of beëindig word indien die betrokke partye, na wedersydse kennisgewing, in hulle afsonderlike vergaderinge hulle goedkeuring daaraan heg.

5.1.8 Die kontrakterende party val steeds onder die regering, opsig en tug van sy/haar verantwoordelike kerkvergadering.

5.2 **Werkswyse**

5.2.1 Die betrokke kerkvergaderinge/kommissies moet die skriftelike ooreenkoms afsonderlik in hulle onderskeie vergaderinge goedkeur.

5.2.2 Nadat die instansies onderling tot 'n ooreenkoms gekom het, moet die liggaam wat vir die opsig/toesig verantwoordelik is die ooreenkoms finaal bekragtig. In die geval van 'n kerkraad is dit die ring. By 'n ring of by 'n kommissie van 'n sinode, is dit die sinode/sinodale kommissie, en by 'n sinode is dit die Algemene Sinode/Moderamen.

BYLAAG C

URCSA INTERPRETATION OF GENERAL SYNOD DECISIONS REGARDING CHURCH UNITY

Die volgende skrywe is ontvang as interpretasie van die VGKSA oor die bewoording "*full acceptance of the Belhar Confession*" mbt strukturele eenheid op grondvlak:

13 February 2006

To all Scribes and Moderamen of Regional Synods

Dear Brothers and Sisters

Interpretation of General Synod decisions regarding Church Unity

The moderamen of the General Synod discussed the implications and interpretation of the recent decisions of General Synod regarding Church unity during a Planning Consultation which was held on 7-8 February in Cape Town. After being requested by the Cape Regional moderamen to interpret the meaning of the words "full acceptance of the Belhar Confession" in the decision that Synod took, the Moderamen of the General Synod decided to clarify the decision as follows:

That the expression "full acceptance of Belhar Confession" does not mean that a DRC congregation is required to adopt Belhar as a formal fourth confession, which can only be done by the General Synod of the DRC after a prescribed legal procedure.

What is meant here is that the Belhar Confession is an urgent and compelling message on unity, reconciliation and justice which formulates not only what God gives us but also what God demands of us in serving the coming of God's reign in Southern Africa.

The resolution of GS 2005 is interpreted to require that a joint ministry between DRC and URCSA bodies:
a) should draw up a written agreement containing the terms of the collaboration (see Agenda, pp. 531-533), in which the Belhar Confession is mentioned by name as supplying the guiding principles and ethos for the joint ministry.

b) should require the participating body (church council, presbytery, regional synod) from the side of the DRC, to take one of the following steps
the DRC church council relevant church body officially adopts the message of Belhar Confession
the DRC members or commission taking part in the joint committees or activities sign a document that they endorse the message of Belhar Confession

The full decision of the synod regarding church unity is attached with this letter. I hope this will clarify any misunderstanding regarding this matter and will assist in the process of church unity.

Yours in Christ

Collin Goeiman (Scribe General Synod)

2.2.6 In die kontinue onderhandelinge met die VGKSA het die gedagte van 'n gesamentlike vergadering van die Moderamen van die NG Kerk en die ASK van die VGKSA gegroei. Die geleentheid kon uiteindelik vanaf 20-22 Junie 2006 te Esselenpark Konferensiesentrum naby Kemptonpark plaasvind. Die onderskeie kerke se formele kommissies asook bykomende lede soos deur hulle uitgenooi, was teenwoordig. Die ervaring was oorweldigend: almal daar teenwoordig het aan die einde van die drie dae geweet dat God in en deur mense gewerk het - iets wat moeilik was om oor te dra aan persone wat nie fisies die geleentheid kon meemaak nie. Aan die einde van die geleentheid is die volgende verklaring vrygestel:

VERBONDSVERBINTENIS TOT HERENIGING VAN DIE FAMILIE VAN NG KERKE (Esselenpark)

Die Algemene Sinodale Kommissie van die VGKSA en die Moderamen van die NG Kerk (die uitgebreide uitvoerende komitees) het die afgelope drie dae saam vergader om te praat oor die herenigingsproses van die Familie van NG Kerke. Dit was 'n historiese byeenkoms – die eerste keer dat so 'n groot groep uit die leierskap van die twee kerke saam vergader het.

Ons het by die vergadering gou bewus geraak van 'n nuwe gees van versoening, samehorigheid en 'n bereidheid om uit te reik na mekaar. Ons het ervaar dat ons almal nederiger is, meer bereid is om na mekaar te luister en gretig is om mekaar te help op die pad van hereniging. Ons het ook 'n nuwe dringendheid bespeur dat ons nie langer met die saak van hereniging kan sloer nie.

Tydens die eerste sessie van die byeenkoms het die leierskap van die NG Kerk weereens om verskoning gevra vir die pyn en hartseer wat hulle die VGKSA en sy lidmate in die verlede aangedoen het. Hierdie belydenis is met groot ontroering deur die VGK leierskap aanvaar – 'n daad wat die toon vir die verdere verloop van die vergadering aangegee het. Op die laaste dag het die VGK leierskap op hulle beurt om verskoning gevra vir die pyn wat hulle die NG Kerk aangedoen het. Die NGK leierskap was hierdeur diep geraak het en het die verskoning in nederigheid aanvaar. Hierdie gees van versoening en openheid teenoor mekaar is bevestig in 'n viering van die Nagmaal aan die einde van die vergadering.

Ons is die Here diep dankbaar vir hierdie nuwe gees onder ons. Ons weet dit kom van Hom.

Ons het aan die einde van die vergadering onself as leiersgroep eenparig verbind om – in lyn met die wens wat ons onderskeie kerke by verskillende geleenthede uitgespreek het – ons kerke daadwerklik te begelei in 'n proses van eenwording. Ons beoog om die proses binne drie jaar te voltooi.

Ons gebruik die woord verbondsverbintenis met huiwering - wetende dat verbond 'n groot woord in die Skrif is. Ons doen dit omdat ons onself en die proses van eenwording, onder die gesag van die woord van God en die wil van Christus wil bring. Ons maak die verbintenis nie uit onself nie en ook nie onder die druk van politieke en sosiale prosesse nie, maar doen dit omdat ons glo dat die Here wat Homself in genade aan ons verbind het dit van ons vra.

Ons stel in die vooruitsig 'n nuwe, organies-verenigde, gereformeerde kerk, georganiseer volgens sinodaal-presbiterale beginsels, wat missionêr leef en verbind is aan die Bybelse opdragte van liefde, versoening, geregtigheid en vrede. Ons is tegelykertyd verbind aan nie-rassigheid en inklusiwiteit en aan die aanvaarding en viering van ons multikulturele samestelling. Die verskillende tale wat in ons kerke gepraat word, sal gekoester word.

Vanuit ons gesamentlike geloof in die Drie-enige God van die Bybel wil onself opnuut verbind aan die kontinent waar die Here ons geplaas het – Afrika, en in besonder Suider-Afrika. Ons wil ons roeping hier saam opneem en 'n verskil probeer maak aan die lewensbedreigende probleme wat ons lande in die gesig staar. Ons verbind onself om as deel van ons verkondiging van die evangelie ook saam te werk aan

- die bestryding van armoede
- bystand en steun aan weerloses en siekes (soos MIV en Vigslyers),
- die vestiging en uitbouing van die morele waardes van die Woord,
- die bevordering van geregtigheid teenoor alle mense
- versoening wat meer is as blote toleransie van mekaar
- en aan die beëindiging van alle soorte geweld in ons samelewing.

In die gees van versoening en ondersteuning van mekaar op die weg na hereniging het die ASK van die VGKSA die oortuiging uitgespreek dat die hantering van die Belharbelydenis nie 'n struikelblok in weg van hereniging moet wees nie. Hulle volledige besluit lui as volg: *Ons aanvaar die uitdaging om binne drie jaar een verenigde kerk te wees. In die verband mag die Belhar Belydenis nie as voorwaarde vir eenheid geld nie. Die boodskap van Belhar sal steeds vir ons die inspirasie en gids wees vir beide die proses tot en die formasie van die nuwe kerk. In lyn met die besluite van beide die kerke sal die Belydenis van Belhar 'n volwaardige belydenisskrif van die nuwe kerk wees en sal ons saamwerk om die kerk te help om te groei tot 'n volledige aanvaarding van die belydenis. Ons sal die besluit vir volledige goedkeuring na ons volgende sinode neem.*

In hulle reaksie op die verklaring van die VGKSA het die leierskap van die NG Kerk hulle diepe waardering en dankbaarheid vir die dapper besluit uitgespreek en die VGK verseker van hulle vaste verbintenis aan die Bybelse opdragte van eenheid, geregtigheid en versoening, die drie groot temas van die Belydenis van

Belhar. Die NGK se leierskap is van mening dat hierdie verklaring van die ASK van die VGK die standpunte van die twee kerke oor die Belhar Belydenis feitlik in lyn met mekaar bring.

In die proses van eenwording verbind ons onself om daadwerklik aan die volgende sake aandag en uitvoering te gee:

- die daarstelling van eenheidsbedienings op grondvlak waar gemeentes die begeerte het en gereed is daarvoor
- dit moontlik maak vir gemeentes, ringe en sinodes wat gereed is daarvoor om te verenig
- die aanpak van gesamentlike projekte waardeur ons uitvoering gee aan ons roeping soos bo geformuleer
- die skep van geleenthede vir ons lidmate om mekaar beter te leer ken, mekaar se vrese en drome te hoor, mekaar se geloof en hoop te deel en ook oor ons verskille te praat en ons vooroordele te oorkom
- dringend aandag te gee aan die hofsake in die Vrystaat, Phororo en elders en alles moontlik te doen om die groepe tot versoening te bring buite die hof deur middel van 'n gestruktureerde versoeningsproses
- te werk aan aanvaarbare wyses waarop sake wat te doen het met die Belydenisbasis, kerkorde en administrasie van die nuwe kerk hanteer kan word.
- 'n behoorlike proses uit te werk waardeur gemeentes en lidmate ingelig kan word oor die eenheidsproses en al sy implikasies en die geleentheid kry om daarop te reageer.

Die leierskap verbind hulself om gereeld saam te vergader, sover moontlik saam besluite te neem en saam op te tree - as 'n konkrete uitdrukking en simbool van ons verbintenis aan mekaar en aan die eenwordingsproses.

Hierdie verbondsverbintenis het gegroei uit bilaterale ontmoetings van die leierskap van die VGKSA en die NGK. Ons begeer en bid dat die twee ander kerke van die familie van NG Kerke so gou as moontlik deel sal word van die proses. Die familie sal nie heel wees sonder hulle nie. Ons sal so gou moontlik met hulle in verbinding tree hieroor.

Ons wil ook die hoop uitspreek dat ons eenwording 'n tree kan wees in die rigting van die vorming van 'n groter verenigde gereformeerde- presbiteriaanse kerk in Suider-Afrika.

Namens die Moderamens / Algemene Sinodale Kommissies van die VGKSA en NGKSA

Thias Kgatla, Coenie Burger, Allan Boesak, Kobus Gerber, Collin Goeiman en Nelus Niemandt

2.2.7 Die moderature van die VGKSA en die NG Kerk het 'n vergadering geskeduleer het vir 27-28 Julie 2006 in Pretoria ten einde bepaalde prosesse te begin hanteer nav Esselenpark. Die NGKA en die RCA is uitgenooi na 'n gedeelte van die vergadering ten einde hulle in te lig oor die vergadering te Esselenpark en uit te nooi om deel te word van die proses. Ten spyte van lang onderhandelinge het die NGKA besluit om nie die vergadering by te woon nie omdat hulle meen twee kerke het sonder hulle beweeg en sonder om hulle te ken. Die RCA het die vergadering bygewoon en dieselfde soort sensitiwiteit is by hulle bemerk: die twee kerke is egter in April 2006 meegedeel van die Junie-byeenkoms met die VGKSA en het geen probleem daarmee gehad nie. In die gesprekke met die NGKA en die RCA is hulle duidelik meegedeel dat by Esselenpark besluit is dat dit die wens van die VGKSA en die NG Kerk is dat die vier kerke saam die pad stap. Die moderature van die VGKSA en die NG Kerk het dadelik besluit om hulle vergadering op te skort ten einde alles moontlik te doen om die ander twee kerke ook deel van die proses te kry. Dit kon met die genade van die Here 'n werklikheid word (vgl hier onder by pt 2.5).

2.3 DIE NG KERK EN DIE NG KERK IN AFRIKA

Bi-laterale gesprekke het geskeduleer plaasgevind. Die gesprekke kon ook uitloop op die gesamentlike prosesse van die vier kerke soos hieronder uiteengesit.

2.4 DIE NG KERK EN DIE REFORMED CHURCH IN AFRICA

Bi-laterale gesprekke het geskeduleer plaasgevind. Soos in pt 2.2 gemeld, kon dit ook uitloop op die gesamentlike prosesse tussen die vier kerke.

2.5 TRI-LATERALE GESPREEK TUSSEN DIE NG KERK, DIE NG KERK IN AFRIKA EN DIE REFORMED CHURCH IN AFRICA

Op grond van die besluite wat die VGKSA by hulle Algemene Sinode in 2005 geneem het, het die drie kerke se moderature op 21 April 2006 'n tri-laterale gesprek gehou om die implikasies van die VGKSA se besluite vir die drie kerke se pad met mekaar te oorweeg.

2.6 DIE GESAMENTLIKE GESPREEK TUSSEN DIE VIER KERKE

2.6.1 Voortvloeiend uit die vergadering van Julie 2006 (vgl pt 2.1.7 hier bo) en die onderhandelinge wat

tussen die moderators en skribas aan die gang begin kom het, het die Here wonderlike deure vir die herstel van verhoudinge en die hervatting van gesamentlike gesprek/ onderhandeling begin oopmaak.

2.6.2 Die vier kerke se moderature het op 16 Augustus 2006 in Bloemfontein vergader waar hulle gesamentlik en bilateraal met elk van die ander kerke kon vergader. In die proses van die dag kon die kerke mekaar in die oog kyk oor die pyne van die verlede en kon daar saam met die besluite oor 'n pad saam met mekaar ook 'n pad van heling 'n aanvang neem. Die volgende verklaring is na die byeenkoms uitgereik:

VERKLARING DEUR DIE MODERATURE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA, DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA, DIE REFORMED CHURCH IN AFRICA EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (Bloemfontein)

Die Moderature van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die Reformed Church in Africa en die Nederduitse Gereformeerde Kerk het op 16 Augustus 2006 in Bloemfontein ontmoet om te praat oor kerkhereniging en die vier kerke se pad vorentoe. In ons gesprekke het ons reguit en openlik gepraat oor ons pad saam met mekaar tot hiertoe, en ook oor die weg vorentoe.

In 'n gees van Christelike liefde het die partye mekaar om verskoning gevra vir die baie onregte wat hulle mekaar in die verlede aangedoen het. Al die partye het hierdie verskonings onvoorwaardelik aanvaar.

Die vier Moderature het eenparig 'n verbondsverbintenis aangegaan ten opsigte van die hereniging van die NG Kerk-familie. Versoening sal 'n onontbeerlike faset van die proses van hereniging tussen ons wees. Ons gebruik die woord "verbondsverbintenis" omdat ons onself en die proses van eenwording onder die gesag van die woord van God en die wil van Christus wil bring. Ons maak die verbintenis nie uit onself nie en ook nie onder die druk van politieke en sosiale prosesse nie, maar doen dit omdat ons glo dat die Here wat Hom in genade aan ons verbind het dit van ons vra.

Met betrekking tot die sake op die tafel het ons onself verbind om nederig en geduldig met mekaar te wees, en die band wat die Here in ons familie geskep het, te koester. 'n Deel van hierdie proses is dat ons gemeentes en alle ander kerklike strukture oproep om aan te hou om versoening, onderlinge gemeenskap, onderlinge ondersteuning en samewerking te soek.

'n Eerste tree in die proses is 'n vergadering van ons uitgebreide leierskappe op 6-8 November 2006. Die Moderamens / Algemene Sinodale Kommissies van die vier kerke asook die Moderature van die verskillende streeksinodes sal dan vergader. 'n Interimkomitee is gevorm wat bestaan uit die vier Moderators en die vier Skribas van die kerke. Die Interimkomitee sal al die voorbereidings doen vir die historiese vergadering in November.

Die Moderature het ook besluit om 'n Trustfonds vir Kerkhereniging te stig. 'n Oproep sal gedoen word na al ons strukture en lidmate asook ons vriende in Suider-Afrika en oorsee om tot hierdie fonds by te dra en om ons so te help om ons droom te realiseer.

Ons verbly ons in die Here! Ons gee Hom al die eer! Weereens het Hy ons verras met sy liefde en genade vir hierdie familie van Kerke.

NGKA: Ds M Lebone, ds J Ramolahlehi, dr S Corrie en dr A Hoffman

VGKSA: Prof T Kgatla, dr A Boesak, ds P Makoko, ds C Goeiman, ds D Maletle en ds P Moloi

RCA: Ds V Pillay, ds B Shunmugam en ds M Sukdaven

NGK: Dr C Burger, prof P Strauss, dr N Niemandt, ds E Büchner, dr K Gerber en dr H Koornhof

Bloemfontein: 16 Augustus 2006

2.6.3 Die Bloemfonteinvergadering het die weg gebaan vir die stig van 'n Interimkomitee bestaande uit die moderators en skribas van die vier kerke om aan bepaalde sake aandag te gee - een daarvan die omvangryke byeenkoms te Achterberg vanaf 6-8 November 2006. Hierdie byeenkoms het baie aandag gegee aan die bou van verhoudings, die bepaling van die waardes waarmee die kerke hulle pad saamstap, asook die identifiseer van sake wat op die gesamentlike agenda moet kom. Baie tyd en moeite is afgestaan om in die teenwoordigheid van die Here te verkeer. Die verteenwoordigers van die vier kerke wat by Achterberg teenwoordig was, het die volgende verklaring aan die einde van die byeenkoms uitgereik:

Achterbergh-Verklaring

Van 6-8 November 2006 het 127 verteenwoordigers van die Reformed Church in Africa, die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die NG Kerk in Afrika en die NG Kerk by Achterbergh naby Krugersdorp byeengekom om te praat oor die kerkhereniging van die familie van NG Kerke en hoe dit gestalte kan kry.

In opvolging van die vier kerke se moderature (dagbesture) se vergadering by Bloemfontein op 16 Augustus vanjaar het 'n breër verteenwoordiging van die kerke hulle opnuut plegtig verbind tot die hereniging van die NG Kerkfamilie.

Die vergadering het opnuut besef hoe belangrik eie identiteit, wat taal- en stylverskille insluit, vir elke kerk is. Die vergadering is oortuig daarvan dat die rykdom van hierdie diversiteit, in die herenigde kerkverband gekoester moet word – en konstruktief gebruik kan word tot voordeel van die kerk en gemeenskap in die Suider-Afrikaanse konteks.

Die vergadering het bepaalde kernwaardes vir die eenheidsproses geïdentifiseer. Tien taakspanne is aangewys om in die lig hiervan verskillende aspekte van die eenheidsproses uit te werk. 'n Opvolg-vergadering word vir Maart 2007 beplan.

Die vergadering is daarvan oortuig dat kerkhereniging slegs op grond van gemeenskaplike geloofsoortuigings en onderlinge vertroue en respek vir mekaar gebou kan word. Lidmate op kerkraads-, rings- en sinodale vlak word aangemoedig om mekaar te leer ken en gemeenskaplike uitdagings saam aan te pak, want die sleutel tot 'n herenigde kerkverband lê by gemeentes en hulle aanvaarding van eienaarskap van die uitdaging. Die vergadering neem ook met dank kennis van baie plekke waar dit reeds gebeur. Die viering van Pinkster volgende jaar bied 'n uitstekende geleentheid om verhoudings te versterk.

Die vergadering weet ook dat daar bepaalde vereistes en prosedures in die verskillende kerke bestaan waarvolgens hierdie eenheidsproses moet plaasvind. Die vergadering wil deel wees van 'n proses waarin die verskillende kerke en hulle gemeentes betrokke behoort te wees.

Die vergadering is daarvan oortuig dat die herenigingsproses die pad van die Here is en dat Hy self die deurslag sal gee waar mense geen uitweg sien nie. Die onderlinge gees van eenheid en entoesiasme van die vergadering was bemoedigend en het hoop gebring.

Die vergadering erken die gesamentlike roeping van die NG Kerkfamilie in Suider-Afrika en is daaraan verbind.

2.6.4 Tydens die Achterbergbyeenkoms is vier taakspanne aangewys om aan die volgende sake aandag te gee met die oog op 'n voorlegging aan 'n volgende gesamentlike vergadering asook die individuele kerke:

- * Die model van die kerkverband
- * Die belydenisgrondslag
- * Die versoeningsproses tussen die kerke
- * Gesamentlike werk/ kommissies/ diensgroepe en projekte

Hierdie taakspanne het vanaf 31 Januarie 2007 tot 1 Februarie 2007 te Achterberg vergader en sit hulle werk voort dmv e-pos en telefoonvergaderings. Hulle lewer verslag aan die Interimkomitee met die oog op die bestuur van die gesprekke en prosesse asook verslag aan 'n volgende gesamentlike byeenkoms.

2.6.5 Daar is ook tydens die Achterbergbyeenkoms in November 2006 ooreengekom oor 'n Achterberg II vanaf 23-25 April 2007. Die verslag oor die byeenkoms sal as laatstuk by die sinodesitting beskikbaar wees.

2.6.6 Die Interimkomitee het op 'n gereelde grondslag vergader ten einde die gesprek aan die gang en die prosesse op koers te hou. Die verhouding in die Interimkomitee is een van 'n verbintenis aan die saak asook 'n baie hegte broederlike verhouding tussen die lede.

2.6.7 Alle rolspelers by al die prosesse was baie nugter daarvoor dat daar baie knelpunte is wat tussen die kerke hanteer moet word gegewe bepaalde standpunte oor 'n wye verskeidenheid sake by die verskillende kerke. Een van die belangrikste is die uitklaring van die juridiese posisie tov herenigingsprosesse - dit het oa pertinent op die tafel gekom deur die uitspraak in die Koppies-saak tussen die NG Kerk in Afrika en die VGKSA. Die Interimkomitee het ooreengekom om die saak saam te hanteer deur regters en advokate wat lidmate van die vier kerke is te vra vir 'n gesprek in die verband. Die gesprek is geskeduleer vir 2 April 2007. Verslag oor die uitkoms sal in 'n laatstuk oor kerkhereniging beskikbaar wees.

2.6.8 Die vier kerke het van die begin af besef dat 'n kerkherenigingsproses en die aanloop daartoe dmv vergaderings 'n duur proses gaan wees. Die NG Kerk het ook tot dusver ingestaan vir 'n groot deel van die koste, veral tov die NGKA en die RCA wat nie die fondse het om vergaderings by te woon nie. Die vier kerke onderhandel tans met buitelandse vennote asook instellings in Suid-Afrika vir finansiële hulp. Die

aanduidings is positief tov moontlike bydraes.

2.6.9 AANBEVELINGS: KERKHERENIGING

Die Algemene Sinode ontvang die verslag oor die jongste verwickelinge asook die aanbevelings tov kerkhereniging as laatstuk.

2.7 DIE KERKHERENIGINGSGESPREK IN DIE NG KERK SELF

2.7.1 Die gesprek oor die besluit van die Algemene Sinode 2004, asook kerkhereniging in die algemeen, het wyd en intensief plaasgevind. Kerkrade, ringe en sinodes het besluite oor verskeie fasette van die saak geneem. Die standpunte word hanteer op tersaaklike punte in die gesprekke/ prosesse.

2.7.2 By elke vergadering van die Moderamen het die moderators terugvoering gegee van wat in hulle sinodes aan die gebeur is en kon daar wedersyds evalueer en beplan word.

2.7.3 Die Moderamen het ook begin om 'n databasis saam te stel van dit waarmee die verskillende sinodes besig is sodat daar 'n bron is waaruit getap kan word.

2.7.4 'n Kleiner Taakspan is saamgestel om tussen moderamenvergaderings aandag te gee aan sake wat mag opduik en die Moderamen te adviseer.

2.7.5 In sy hantering van die saak het die Moderamen na sy vergadering van Februarie 2005 die kerkverband soos volg adviseer oor die gesprek binne die NG Kerk:

1. Konsultasieproses met sinodes, kerkrade en gemeentes oor die besluit van die Algemene Sinode oor kerkhereniging tot een kerkverband in die NG Kerkfamilie (vgl Handelinge 2004: 338-340; 427-429; 436-438; Kerkorde 2004: 110-115)

Die Moderamen *besluit*:

*1 Pt 13 van die besluit van die Algemene Sinode 2004 oor kerkhereniging vorm die raamwerk waarbinne die konsultasieproses plaasvind. Sinodes en kerkrade moet hulle deeglik vergewis van die inhoud van hierdie punt.

*2 Dit is 'n konsultasieproses waarin kommentaar en voorstelle vanuit sinodes, kerkrade en gemeentes (lidmate) gevra word. Die doel is geensins om oor die besluit van die Algemene Sinode, wat 'n blote aanbeveling/ voorstel is om vordering te maak in die eenheidsproses, te stem nie. Soveel as moontlik insette deur kerkrade en sinodes word gevra vir die proses. Aan die einde van die proses word daar voorsiening gemaak vir 'n stemming deur kerkrade en sinodes. In die besluit van die Algemene Sinode oor kerkhereniging (Pt 13.2.2 en pt 14) word na die detail van die proses van stemming verwys.

*3 In die konsultasieproses word kommentaar en voorstelle/ wenke op spesifiek die volgende punte in die besluit van die Algemene Sinode ingewag:

- Pte 1-4: Redes vir Kerkhereniging
- Pt 5: Die Belharbelydenis
- Pt 6: Aspekte van 'n model
- Pt 8: Die posisie van gemeentes
- Pt 9-13: Die proses (Kyk ook na pt 13.2.2.)

*4 Sinodes of sinodale kommissies/ moderamina/ sinodale diensrade besluit self oor hoe hulle hierdie konsultasieproses aanpak. Die volgende moet in die proses egter in gedagte gehou word:

*4.1 Dit is 'n konsultasieproses wat die sinodes insluit maar wat ook die kerkrade en lidmate van gemeentes insluit. Die proses moet dus so beplan word dat lidmate ook ingelig en in die geleentheid gestel word om kommentaar en voorstelle te lewer.

*4.2 Die afhandeling van die konsultasieproses met gemeentes voor die meeste sinodesittings in September en Oktober 2005 kan aan hierdie vergaderings 'n vollediger prentjie gee wanneer hulle self kommentaar en voorstelle lewer.

*4.3 Elke sinode stel 'n meganisme daar om die resultate van die kommentaar en voorstelle vanuit gemeentes en die betrokke sinode te verwerk en teen einde Januarie 2006 aan die Moderamen/ Taakspan vir kerkhereniging te besorg. Hier word dit verder verwerk om in die herenigingsproses betrek te word. Die kommentaar en voorstelle word verkieslik onder die subhoofde in pt 3 verwerk.

*4.4 Persone van buite die betrokke sinodale gebied (bv lede van die Moderamen van die Algemene Sinode) kan genader word om te help met die konsultasieproses.

2. Stappe vir kerkhereniging in die NG Kerkfamilie

Die Moderamen *besluit* op die volgende stappe vir kerkhereniging in die NG Kerkfamilie:

*1 Primêr gaan dit hier om die uitvoering van die besluit van die Algemene Sinode 2004, en spesifiek pt 13 van hierdie besluit wat handel oor die proses.

*2 Elke sinode/ sinodale kommissie/ moderamen/ sinodale diensraad voer pt 2 van pt 13 op sy eie manier in sy sinodale gebied uit.

*3 Die Moderamen van die Algemene Sinode/ elke sinode/ sinodale kommissie/ sinodale diensraad/ moderamen dra die Hartenbosbesluit oor kerkhereniging aan die lede van die NG Kerkfamilie in sy omgewing oor. Hier kan ook gedink word aan tussen-sinodale kontak waar nodig.

*3.1 Die Moderamen van die Algemene Sinode vra bilaterale gesprekke aan met sy eweknieë in die NG Kerkfamilie om die Hartenbosbesluit te kommunikeer. Die klem of invalshoek van hierdie gesprekke moet die Bybelse opdrag tot kerkeenheid wees.

*3.2 Die Moderamen van die Algemene Sinode onderhandel met die ASK's van die NG Kerkfamilie oor die betrek van 'n buitefasiliteerder op eerstens die terrein van die Algemene Sinodes. In die verband kan daar byvoorbeeld van persone uit die WBGK gebruik gemaak word.

*3.3 Die eersvolgende gesprekke met die NG Kerkfamilie moet ingestel wees op die bou van vertroue.

*4 Die Moderamen van die Algemene Sinode bring opnuut pt 5 van pt 13 van die Hartenbosbesluit onder die aandag van sinodes/ moderamina/ sinodale kommissies/ sinodale diensrade vir deurgee aan gemeentes.

*5 Die Moderamen van die Algemene Sinode moedig alle kerkvergaderings in die NG Kerkfamilie aan om die geleentheid vir wedersydse finansiële en administratiewe ondersteuning in hierdie familie te ondersoek en te benut.

3. Kommunikasieproses

Die Moderamen bring sy besluit van November 2004 onder aandag van sinodale kommissies/ moderamens/ sinodale diensrade, naamlik

**1 dat die kommunikasie oor kerkhereniging binne die breë proses van kommunikasie na gemeentes moet staan, en dat die gesprek moet plaasvind vanuit 'n gesprek met gemeentes oor ons roeping, ons geloof, ens;*

**2 om in die kommunikasie ook gebruik te maak van 'n dokument oor Belhar (ontstaan, inhoud, geskiedenis van die '80's, iets positief oor die vier groot sake van Belhar, ens). Die VGKSA kan genader word om Belhar vanuit hulle perspektief aan te bied;*

**3 die teks van Belhar en die begeleidende brief op ons webblad te plaas.*

2.7.6 Die Moderamen het vanuit die sinodes terugvoering oor die prosesse/ konsultasie in sinodes ontvang. Die Taakspan het dit soos volg saamgevat:

Daar is van al die sinodale gebiede terugvoer oor die Hartenbos-besluite oor kerkhereniging ontvang. Omdat die gesprekke verskillend gevoer is in die verskillende streke [sommige tot op lidmaatsvlak en ander slegs gesprekke by Kerkrade en ringe] verskil die formaat van die terugvoer ook. Die volgende *algemene tendense was egter duidelik*: daar is oorweldigende steun vir die proses van kerkhereniging; in meeste streke is die persepsie dat die Belydenis van Belhar 'n "ononderhandelbare voorwaarde" vir kerkhereniging is 'n groot probleem; oor die voorgestelde model en hoe dit gemeentes raak, is daar oorwegend positiewe terugvoer, hoewel daar sterk aandrag is dat duidelikheid gegee moet word oor sake soos taal, die naam van die kerk, eiendomme ens; die vraag oor eenheid met die Susterkerke [Gereformeerde en Hervormd] kom dikwels na vore; daar is by baie die wanpersepsie dat oor sekere fasette van kerkhereniging reeds finale besluite geneem is.

2.7.7 Die Moderamen het gesorg dat ter wille van die gesprek in die sinodes daar meer persone uit sinodes by strategiese vergaderings is: by die gesprek te Esselenpark 20-22 Junie 2006 het elke moderator nog iemand uit sy streek saamgebring; die sinodes se moderature en saakgelastigdes is uitgenooi na die Moderamenvergadering van 31 Augustus 2007 waar die heeldag bestee is aan die gesprekke tussen die vier kerke van die familie en oor hoe die gesprekke in sinodale verband gevoer kan word - in die verband is ook 'n inligtingstuk met tersake feite goedgekeur vir beskikbaarstelling aan lidmate; die afvaardiging na die Achterbergbyeenkoms 6-8 November 2006 het ook bestaan uit die Moderamen plus die moderatuurslede en saakgelastigdes van die sinodes (of soos sinodes mag besluit het). Hierdie breë verteenwoordiging vergemaklik kommunikasie en skep vertroue en deursigtigheid.

2.7.8 Al die sinodes gee indringend en deurlopend aandag aan die saak en doen moeite met die deurgee van inligting, die hou van gespreks-/ konsultasiegeleenthede, ontmoeting met ringe, gesprekke met die familie van die NG Kerke in hulle gebied, ens. Die gesprekke in sinodes is ook die hart van die gesprek: die Algemene Sinode en die Moderamen kan dit nie daar doen nie. Goeie verslae is van alle sinodes oor hulle konsultasieprosesse ontvang en die kerkverband kon mekaar ook so ten dienste wees.

2.7.9 Die Moderamen het kennis geneem van, aandag gegee aan en gesprekke gevoer waar nodig tov enkele prosesse oor kerkhereniging wat by groepe leraars ontstaan het: die aksie vir die ondertekening van die Belydenis van Belhar deur gelegitimeerdes van die NG Kerk na die Algemene Sinode 2004, die *Gereformeerde Belydende Beweging* asook 'n groep emeriti se besware teen die huidige prosesse.

2.7.10 Die Moderamen het ook kennis geneem van sekere georganiseerde pogings om die kerkherenigingsgesprek in diskrediet te bring. Met die hulp van sinodes kon sinvolle gesprekke met rolspelers gefasiliteer word.

2.7.11 In plaaslike gemeenskappe en op voetsoolvlak is daar die wonderlikste verhale van hoe gemeentes hande vat, vennootskappe aangaan, leraars oor en weer beroep word, ringe gesamentlik funksioneer, sinodale werksaamhede onder een sambreel gedoen word, ensovoorts.

2.7.12 Een van die grootste knelpunte in die gesprek binne die NG Kerk is die kommunikasie in gemeentes. Die kantoor van die Algemene Sinode kry tot twee jaar na die sinode van 2004 oproepe van kerkradslede en lidmate wat nog nie eers die volledige besluit van 2004 in hulle hand gehad het nie. Kerkrade is verantwoordelik om te sorg dat die korrekte inligting by hulle lidmate uitkom.

2.7.13 AANBEVELINGS: KERKHERENIGINGSGESPREEK BINNE DIE NG KERK SELF

Die aanbevelings oor die kerkherenigingsgesprek in die NG Kerk self dien as laatstuk by die Algemene Sinode

2.8 JURIDIESE EN KERKREGTELIKE KNELPUNTE

- 2.8.1** Die ATR gee hieraan aandag, en daar is ook 'n gesamentlike proses tussen die vier kerke aan die gang om met mekaar ooreen te kom oor die hantering hiervan. Daar vind voor die Algemene Sinode 'n konsultasie plaas met regters, advokate en prokureurs wat lidmate van die vier kerke is in hierdie verband.
- 2.8.2** 'n Volledige verslag dien as laatstuk by die Algemene Sinode.

3. EKUMENIESE VERHOUDINGS

3.1 EKUMENIESE LIGGAME IN SUIDELIKE AFRIKA

3.1.1 Tussenkerklike Raad (TKR)

3.1.1.1 Die NG Kerk was vanaf 2003 tot 2005 die sameroepende kerk en verantwoordelik vir die reël van die vergaderings. Die NH Kerk het oorgeneem vir 2006 tot 2008. Daarna is die Gereformeerde Kerke die sameroeper.

3.1.1.2 Die TKR funksioneer volgens die grondslag wat in 2004 aanvaar is:

1 Naam

Tussenkerklike Raad

2 Aard

Die Tussenkerklike Raad is 'n Raad van kerkgemeenskappe wat die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf op grond waarvan die kerkgemeenskappe hulle eenheid in Jesus Christus in die Raad tot uitdrukking bring en bevorder deur 'n gesamentlike agenda af te handel.

3 Samestelling

Die Tussenkerklike Raad word saamgestel uit kerkgemeenskappe wat die genoemde belydenisskrifte onderskryf en na aansoek, of uitnodiging, aansluit.

Historiese perspektief

Die samestellende kerke tydens stigting is die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die besondere verhouding tussen hierdie kerkgemeenskappe, wat vanaf 1958 in die Tussenkerklike Kommissie tot uitdrukking gekom het, het in Februarie 2004 op die stigting van die Tussenkerklike Raad uitgeloop. Hierdie verhouding het uit 'n gemeenskaplike reformatoriese herkoms, 'n gesamentlike sosio-historiese kontekstualiteit en 'n gemeenskaplike taal gegroei. Ondanks die verskeidenheid in kerkformasie en kerklike etos, asook graadverskille in die belewing van die gemeenskaplike belydenis, het dié kerkgemeenskappe deur die jare op grond van 'n gemeenskaplike groeibodem 'n verhouding van geloofseenheid in Christus gehandhaaf en hulle streef steeds daarna om dié verhouding tot 'n hegte kerkregtelik verantwoorde eenheid te voer.

4 Kerkregtelike posisionering

Die Tussenkerklike Raad word uit die saamwerkende kerkgemeenskappe saamgestel, op die wyse wat elke kerkgemeenskap geskik ag. Die verteenwoordigers van die saamwerkende kerkgemeenskappe werk op sterkte van die mandaat wat die betrokke kerkgemeenskap aan hulle verteenwoordigers gegee het in die Tussenkerklike Raad saam binne die raamwerk van die Skrif, die Drie Formuliere van Eenheid en die betrokke kerkorde van elke kerkgemeenskap. Binne hierdie raamwerk oordeel die Tussenkerklike Raad hoe die agenda afgehandel kan word en rapporteer aan die onderskeie kerkgemeenskappe oor sy werksaamhede.

5 Opdrag

Om kerklike eenheid op grond van dieselfde belydenisskrifte in Jesus Christus te belewe en te bevorder deur

- 5.1** 'n krities-opbouende gesprek tussen die saamwerkende kerkgemeenskappe voort te sit;
- 5.2** kennis te neem van bestaande samewerkingsterreine en 'n geheelbeeld daarvan aan die saamwerkende kerkgemeenskappe te gee;
- 5.3** nuwe samewerkingsterreine tussen die saamwerkende kerkgemeenskappe te identifiseer, te koördineer, en met verantwoording aan die onderskeie mandaatgewers uit te bou;
- 5.4** waar nodig gesamentlike getuienis in die samelewing en aan die owerhede te lewer;
- 5.5** in die Tussenkerklike Raad nuwe ontwikkelinge in die saamwerkende kerke, of beëindiging van bepaalde kerklike praktyke, of verdere presisering van wesenlike aspekte van kerkwees in die ontwikkelingsfase daarvan mee te deel en te toets;
- 5.6** kerklike sake van gemeenskaplike belang gesamentlik in 'n wyer sfeer in die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika te bevorder.

Toeligtingsperspektief

**1 Bestaande samewerkingsterreine is onder andere*

- Bybelvertaling;*
- dae van verootmoediging en gebed;*
- vertalings, wysigings en samestellings van liturgiese en ander kerklike geskrifte;*
- gesamentlike kerklike belange in onderwys- en maatskaplike sake;*

-gesamentlike projekte in die breë gemeenskap;

-en samewerking tussen kerkgemeenskappe op plaaslike vlak.

*2 Die mandaatgewende vergaderings versoek die betrokke saamwerkende kommissies en deputategroepe om jaarliks inligting van hulle werksaamhede aan die Tussenkerklike Raad te verskaf met die oog op 'n geheelbeeld, die identifisering van bykomende sake, en nuwe samewerkingsterreine.

*3 Deputaatsgroepe en kommissies van die onderskeie kerkgemeenskappe rapporteer steeds aan hulle mandaatgewers.

6 Konstituering, Administrasie en Werkswyse

-Die Tussenkerklike Raad word gekonstitueer deurdat die saamwerkende kerkgemeenskappe elkeen sewe afgevaardigdes benoem. Geen beperking word op die getal waarnemers geplaas nie.

-Die Tussenkerklike Raad benoem 'n Interimkomitee van twee afgevaardigdes van elke kerkgemeenskap wat as dagbestuur optree. Die ooreenstemmende voorsitterskap en skriba van die Tussenkerklike Raad en die Interimkomitee word roterend, soos deur die Tussenkerklike Raad bepaal, behartig.

-Die taak van die voorsitter is om die leiding op beide vergaderings by wyse van erkende prosedurereëlings te gee. Die taak van die skriba is om notules te hou, beide vergaderings te reël, en die stukke in bewaring te hou.

-Die Interimkomitee vergader wanneer dit nodig geag word en stel die agenda van die Tussenkerklike Raad saam wat minstens twee keer per jaar vergader.

-Die vasstelling van die agenda kan vir die koördinerende van gemeenskaplike sake meebring dat ad hoc afgevaardigdes van verskeie relevante deputate, deputategroepe en kommissies van die saamwerkende kerkgemeenskappe insette op die Tussenkerklike Raad lewer.

-Alle koste met betrekking tot die Tussenkerklike Raad en die Interimkomitee word pro rata, soos voorgestel deur die Interimkomitee en vasgestel deur die Tussenkerklike Raad, deur die saamwerkende kerkgemeenskappe gedra en deur die skriba hanteer.

7 Wysiging aan die grondslag van die Tussenkerklike Raad

Wysigings van administratiewe reëlings word met 'n twee derde meerderheidstem goedgekeur. Prinsipiële wysigings wat die aard van die Tussenkerklike Raad, die samestelling, kerkregtelike posisionering en die opdrag daarvan wesenlik verander, moet deur die bevoegde vergaderings van die saamwerkende kerkgemeenskappe goedgekeur word.

3.1.1.3 Die TKR vergader gewoonlik tweekeer per jaar.

3.1.1.4 Die Algemene Sinode het in 2004 'n besluit geneem oor gesamentlike predikantekonferensies (Besluiteregister F.2.1/18) vir predikante van die drie kerke wat lid is van die TKR. Hierdie saak is na die sinodes verwys maar kom nie van die grond af nie en lyk nie 'n haalbare manier om die eenheid van die kerke sigbaar te vergestalt nie. Die NG Kerk se verteenwoordigers neem die saak weer met die TKR op.

3.1.2 Konvent vir Reformatoriese Kerke

3.1.2.1 Die NG Kerk is lid van hierdie Suid-Afrikaanse liggaam wat bestaan uit die volgende kerke: Afrikaanse Protestantse Kerk, Calvin Protestantse Kerk, Christelike Gereformeerde Kerk, Evangeliese Gereformeerde Kerk, Free Church of South Africa, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Gereformeerde Kerke Middlande, Gereformeerde Kerke Soutpansberg, Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, Presbyterian Church of America, Reformed Church of Botswana, Reformed Church in Africa, Rynse Kerk, Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

3.1.2.2 Die deelnemende kerke vergader eenkeer per jaar.

3.1.2.3 Die Konvent funksioneer binne die raam van die volgende *Verklaring van Voorneme*:

Die afgevaardigdes en waarnemers van kerkgemeenskappe wat in hierdie Konvent teenwoordig is, spreek hiermee hulle gesamentlike geloof in die Drie-enige God uit, soos Hy Homself in sy Woord bekend gemaak het en soos ons Hom in die verskeie belydenisskrifte uit die reformatoriese erfenis bely. Ons kom in die Konvent byeen om op grond van ons gemeenskaplike geloof, belydenis en reformatoriese tradisie -profetiese getuienisse in die samelewing en ten opsigte van die owerheid te lewer; -mekaar met raad en hulp by te staan waar dit versoek word; -moontlike samewerking ten opsigte van gemeenskaplike belange en verantwoordelikhede in die samelewing te koördineer.

Mag die Here ons daartoe help – tot verheerliking van sy heilige Naam!

3.1.3 Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke

3.1.3.1 Die NG Kerk het sedert 1994 waarnemerstatus en is sedert Julie 2004 volle lid na die besluit van die Algemene Sinode 2002.

3.1.3.2 Dr Coenie Burger was die afgelope termyn ook lid van die UK van die SARK.

3.1.3.3 Die SARK het sedert die vorige Algemene Sinode aan talle sake aandag gegee wat die kerklike gemeenskap raak, en die NG Kerk kon op talle terreine 'n leidende rol speel - die aandag aan Zimbabwe is

'n goeie voorbeeld hiervan. Met sy verskillende departemente gee die SARK werklik aandag aan die nood in ons land.

3.1.3.4 Dit het ook gebeur dat amptenare van die SARK verklarings uitgereik het/ uitsprake gemaak het wat kontroversieel was. Die Moderatuur het saam met ander lidkerke hieraan aandag gegee en die sake kon almal tot bevrediging hanteer word. In navrae hieroor het die Algemene Sekretaris daarop gewys dat lidmaatskap van en deelname aan ekumeniese liggame nie beteken dat die lede/ deelnemende kerke noodwendig alle besluite of optrede onderskryf nie: dit is immers 'n wye verskeidenheid van kerke wat poog om 'n gemeenskaplike taak te verrig - die NG Kerk het byvoorbeeld ook negatief reageer tov 'n bepaalde verklaring wat die Konvent vir Reformatoriese Kerke uitgereik het.

3.1.3.5 Sinodes is ook positief betrokke by die streekgrade van die SARK en lewer positiewe bydraes tov die funksionering daarvan.

3.1.4 Namibiese Raad van Kerke

3.1.4.1 Die NG Kerk in Namibië is volle lid van die Namibiese Raad van Kerke.

3.1.4.2 Soos met die SARK speel die NG Kerk ook hier 'n baie sterk rol. Ds Schalk Pienaar, moderator van die NG Kerk in Namibië, was vir 'n termyn die President van die Namibiese Raad van Kerke.

3.1.5 The Evangelical Alliance of Southern Africa

3.1.5.1 Die NG Kerk is sedert die begin van 2004 lid van TEASA wat die meer *evangelical* deel van die Suid-Afrikaanse kerke verteenwoordig. Die konfessionele verskil met ander kerke is die grootste in hierdie liggaam, maar daar is genoeg wat die NG Kerk en ander kerke as liggaam van Christus bind om ook hierin saam te werk.

3.1.5.2 Soos met bogenoemde liggame kon die NG Kerk meewerk aan aksies en uitsprake van TEASA maar het ook op bepaalde punte voorbehoude gehad.

3.1.5.3 Een van die lidmate van die NG Kerk, me Zerilda Nel van die Sinode Hoëveld, is tans die voorsitter van TEASA.

3.1.6 Southern African Alliance of Reformed Churches

3.1.6.1 Die NG Kerk is via sy lidmaatskap van die WBGK (WARC) ook lid van SAARC.

3.1.6.2 SAARC het die afgelope drie jaar as gevolg van bepaalde leierskapsprobleme nie funksioneer nie. Die NG Kerk het 'n baie sterk rol gespeel om die sake te begin regstel, en die SAARC sal aan die einde van Julie 2007 sy Konferensie in Suid-Afrika hou. Die kantoor van die Algemene Sinode tree voortaan ook op as kontakpunt vir SAARC.

3.1.6.3 Die beplanning is om by die Konferensie SAARC te ontbind en as 'n streekliggaam van die *Alliance of Reformed Churches in Africa* te laat funksioneer wat die kontak met WARC net soveel makliker sal maak.

3.1.7 SACLA

3.1.7.1 By die vorige Algemene Sinode is verslag gedoen oor SACLA II wat in 2003 in Pretoria vergader het.

3.1.7.2 Die "7 reuse" van 2003 is op agendas van die NG Kerk, in besonder deur ons roepingsverklaring.

3.1.7.3 Die NG Kerk is deel van die voortsetting van die *SACLA Council*. Die Raad funksioneer op die oomblik nie regtig effektief nie.

3.1.8 Gereformeerd-Lutherse Konsultasie

3.1.8.1 Onder leiding van Biskop Dieter Lilje van die Evangelies-Lutherse Kerk en dr Kobus Gerber van die NG Kerk het 'n eerste konsultasie tussen kerke van die Reformasie op 8 Februarie 2007 in Kemptonpark plaasgevind. Hierdie tipe konsultasie tussen kerke van gereformeerde en lutherse agtergrond vind tans op verskillende vlakke wêreldwyd plaas en is tot groot seën vir die twee tradisies se verhouding met mekaar en hulle eie teologiese ontwikkeling.

3.1.8.2 Die kerke teenwoordig het hulle verbind vir 'n groter Suider-Afrikaanse proses, en gesreкке in die verband met die WARC en die Lutheran World Federation is in beplanning.

3.2 EKUMENIESE LIGGAME IN AFRIKA

3.2.1 Alliance of Reformed Churches in Africa

3.2.1.1 Die NG Kerk is deel van die liggaam kragtens haar deelwees van die WARC.

3.2.1.2 ARCA het die afgelope drie jaar, soos SAARC, nie goed funksioneer nie. Daar is op die oomblik nuwe momentum en 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee word in Suid-Afrika beplan.

3.2.1.3 Die NG Kerk begin ook hier 'n sterker rol speel ter wille van ons verbintenis aan Afrika.

3.2.2 All Africa Conference of Churches

3.2.2.1 Die Moderamen het besluit om kontak te begin maak met die AACC. Hierdie liggaam bind die kerke van Afrika ter wille van die liggaam van Christus en hierdie kontinent op 'n besondere maniere saam.

3.2.2.2 Die NG Kerk het haarself in 2002 baie duidelik tot Afrika verbind, en dit kan dan ook nie anders as dat ons saam met die ander kerke in hierdie kontinent hande vat nie: die AACC is 'n wonderlike voertuig daartoe.

3.2.2.3 Van die NG Kerk se naaste familie (die VGKSA) asook naaste reformatoriese vennote (die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa en die United Congregational Church of Southern Africa) is reeds lede van AACC.

3.2.2.4 Die basiese inligting oor die AACC is aangeheg as **Bylaag 1**.

3.2.2.5 AANBEVELING: ALL AFRICA CONFERENCE OF CHURCHES

Die Algemene Sinode besluit om aansoek te doen vir lidmaatskap van die AACC en dra dit aan die Moderamen op om die proses af te handel.

3.2.3 Inter-faith Action for Peace in Africa

3.2.3.1 Die Lutherse Wêreldfederasie het leiding geneem (en befonds) met die stig van 'n beweging wat ten doel het om alle godsdienstige oortuigings te betrek in prosesse om van die krisis in Afrika op te los. 'n Uiteers geslaagde beraad in die verband het in April 2005 in Suid-Afrika plaasgevind.

3.2.3.2 Die Interimkomitee wat die werk intussen doen saam met plaaslike aksies bereik sukses: prosesse in onder andere die DRK en Sudan kan daarvan getuig.

3.2.3.4 Dr Kobus Gerber is die NG Kerk se skakel met IFAPA.

3.2.4 Federale Raad van Kerke

3.2.4.1 Die Algemene Sinode 2004 het besluit om by die ander lede van die Federale Raad aan te beveel dat die Federale Raad volgens die voorgeskrewe prosedure ontbind (Besluiteregister 2004 F.2.1/3).

3.2.4.2 Hierdie besluit is ook in 'n bilaterale gesprek aan die VGKSA deurgegee.

3.2.4.3 Kennis is aan die lede van die Federale Raad gegee van 'n vergadering in Utrecht tydens die byeenkoms van die GER waar die NG Kerk se besluit/ voorstel hanteer sal word. Na twee byeenkomste in Utrecht is die volgende besluit deur die lidkerke van die Federale Raad geneem:

REPORT ON DISCUSSIONS WITH REGARD TO A POSSIBLE BODY FOR THE FAMILY OF CHURCHES THAT CAME FROM THE WORK OF THE DUTCH REFORMED CHURCH

1. The members of the Federal Council of Dutch Reformed Churches and other members of the family present at the Reformed Ecumenical Council from 12-26 July, 2005 in Utrecht, Netherlands, met twice during the assembly of the REC. They discussed the future of the Federal Council and other possibilities / options for the unity of the family.

2. The members are convinced that they need a separate body for the family of Dutch Reformed Churches. They identified the following advantages:

2.1 We are a family: we need to get together.

2.2 We are one: we have to tie the family together.

2.3 We as family have a unique identity.

2.4 We share common roots in confession, creeds, liturgy.

2.5 We have common resources we can share: theological training, literature, human resources.

2.6 We are in Africa and God wants us to make a difference together with one another.

2.7 We have a specific and unique prophetic voice in all spheres of society and contexts.

2.8 Our contact can be more focussed.

2.9 We have the opportunity to co-operate for the advancement of the Kingdom of God.

2.10 We will start a new history together.

2.11 We will learn from one another and enrich one another with our diversity.

2.12 We will have an united front in our witness.

3. We are aware of disadvantages when the family of Dutch Reformed Churches have a separate body:

3.1 Churches may become suspicious of another body.

3.2 ARCA and SAARC are there for the reformed churches: why something extra?

3.3 There may be probable alienation from other bodies.

3.4 There are churches that want the Federal Council to continue and are convinced that a new body is not necessary.

3.5 The functioning and membership of bodies for churches cost a lot of money: will we be able to afford it?

3.6 There may be some confessional or doctrinal issues that may capture a lot of our time.

4. We are convinced that the time is ripe for a new dispensation:

4.1 We recognise the positive intentions of the Federal Council but also the fact that for a lot of historical and other reasons it is not possible to go on.

4.2 We see the way forward as follows:

- 4.2.1 There is a need to create a new way ahead: the current members of the Federal Council and the other members of the family that are not members of the Federal Council constitute a new body that will reflect the new realities and needs of the family.
- 4.2.2 The new body will co-operate with/ form part of / associate with other regional bodies.
- 4.2.3 The members present at Utrecht appointed an Interim Committee of 5 members: Dr Edwin Zulu (Reformed Church in Zambia) (Chairperson), Rev Stoneham Sande (Church of Central Africa Presbyterian, Nkhoma Synod), Rev Jonathan Kangogo (Reformed Church of East Africa), Rev Mochudi Lebone (Dutch Reformed Church in Africa) and Dr Kobus Gerber (Dutch Reformed Church) (Secretary).
- 4.2.4 The Interim Committee will
- 4.2.4.1 Look at possible options and models for a new way ahead
- 4.2.4.2 Look at the possibilities of the current constitution of the Federal Council, and write a new constitution to serve the purpose of a new dispensation
- 4.2.4.3 Report their work to the members of the Federal Council and the other members of the family. This will include the history of the Federal Council, the background and contents of the meetings in Utrecht, and the proposed new constitution.
- 4.2.4.4 Contact the Uniting Reformed Church in Southern Africa and invite them to enter into discussions with the Interim Committee with regard to this matter. The Interim Committee must continuously involve them.
- 4.2.5 The Report of the Interim Committee must be ready towards the end of January 2006. Members of the family will be asked to react within a specific timeframe.
- 4.2.6 The Interim Committee will prepare a comprehensive final report to all the churches. This will be ready at the beginning of 2007.
- 4.2.7 The Interim Committee will call a meeting of the Federal Council. At this meeting the Federal Council will formally disband according to Article 8 of the Constitution of the Federal Council. This meeting will also be the first meeting of the envisaged new body.

Dr Edwin Zulu (Chairperson)
 Dr Kobus Gerber (Secretary)
 August 2005

3.2.4.4 As gevolg van die situasie van die voorsitter van die Interimkomitee kon daar, behalwe bilaterale gesprek, eers 'n vergadering van die Interimkomitee in Maart 2007 plaasvind en 'n werkwinkel vir die opdrag vir Mei 2007 in Malawi skeduleer word. Die uitkoms hiervan sal as laatstuk by die Algemene Sinode dien.

3.2.4.5 Die Interimkomitee het die hele saak ook vir kommentaar na die vennote van die kerkherenigingsgesprek in Suid-Afrika verwys.

3.2.4.6 AANBEVELING: MOONTLIKE LIGGAAM VIR KERKE VAN DIE BREËR NG KERKFAMILIE
Die Algemene Sinode ondersteun die skep van 'n moontlike liggaam vir die kerke van die breër NG Kerkfamilie met die uitdruklike verstandhouding dat dit 'n liggaam is wat (a) nie in die plek van die herenigingsproses in Suid-Afrika mag staan nie, en (b) instrument moet wees vir 'n groter herenigingsproses van die familie van NG kerke en ander Suider-Afrikaanse gereformeerde kerke.

3.3 GLOBALE EKUMENIESE LIGGAME

3.3.1 Die Gereformeerde Ekumeniese Raad

3.3.1.1 Inleiding

Die NG Kerk is sedert 1950 lid van die GER as een van die grootste kerke van die liggaam asook 'n kerk wat deur die jare 'n leidende rol gespeel het. Verskeie lede van die NG Kerk was al voorsitter van die GER en het op die UK gedien. Tans dien dr Kobus Gerber as adviseur op die UK.

3.3.1.2 Algemene Vergadering 2005

Die jongste Algemene Vergadering van die GER het in Julie 2005 in Utrecht, Nederland, plaasgevind. 'n Aantal baie belangrike sake is tydens die byeenkoms aangeraak waarvan drie spesifiek na die onderkeie kerke verwys is vir aandag: Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 80, die Christelike getuieis te midde van godsdienstige pluralisme, asook koersaanduiding vir 'n teologie van hoop in 'n tyd van MIV/Vigs. Die laasgenoemde twee sake sake is na die ADD verwys vir aandag en hulle sal daaraan aandag gee.

3.3.1.3 Heidelbergse Kategismus Vr en Antw 80

*1 Die moontlike herformulering van HK Art 80 is in 1984 op die tafel geplaas deur die Christian Reformed Church in North America en is gedoen vanuit 'n lang geskiedenis van worsteling met die betrokke formulering in gereformeerde kringe. Die dokument wat die CRCNA aan alle lidkerke van die GER gestuur het, is deur die Moderamen na proff Conrad Wethmar en Sybrand Strauss vir studie en kommentaar verwys. Op grond van hulle aanbeveling het die Moderamen soos volg aan die CRCNA geskryf:

1. *The DRC conveys its appreciation to the CRCNA for the work done on the relationship between the Reformed interpretation of the Lord's supper and that of the Roman Catholic Eucharist.*
2. *The DRC would like to express its preliminary agreement with recommendation D2 an D3 on page 34 of the booklet that had been sent to us:*

1. That the synod declare there are significant differences between the Roman Catholic understanding of the Mass and the Reformed understanding of the Lord's Supper.
2. That synod declare Q. and A. 80 can no longer be held in its current form as part of our confession given our study of official Roman Catholic teaching and extensive dialogue with official representatives of the Roman Catholic Church.

3. Before supplying our final response we would prefer to have the opportunity to discuss this issue with the other members of the DRC family of churches, with the Interdenominational Council (constituting churches: Reformed Churches in South Africa, Dutch Reformed Church, Nederduitsch Hervormde Kerk) as well as with the South African Bishops Conference of the Roman Catholic Church.

4. In the light of point 3 above we would suggest that an initial discussion on the matter take place at REC 2005 but that a decision be postponed until REC 2009.

*2. Die GER het besluit om die bevindinge van die CRCNA oor HK 80 aan lidkerke te stuur vir oorweging en handeling, en hulle verslae daarvoor aan die UK van die GER te stuur.

***3 AANBEVELING: HK 80**

Die Algemene Sinode hanteer die aanbevelings in die laatstuk oor HK Sondag 80.

3.3.1.4 Gesprek GER/ WARC oor naderbeweeg aan mekaar

*1 Die GER het in 2005 besluit om 'n gesprek aan die gang te kry met WARC oor nouer bande en asook 'n formele verhouding te onderhandel wat selfs kan lei tot die GER as 'n onafhanklike entiteit in WARC:

Besluit van die GER Julie 2005

1. REC formally communicate to WARC its desire to engage in a meaningful conversation that might lead both organizations to a more intentionally closer relationship as already is demonstrated in present practice in incidental cooperation, project cooperation, and even the potential for sharing personnel.

2. Upon receiving a positive response from WARC, the executive committee of REC be authorized to appoint a committee of four (4) persons with the mandate to explore, and if appropriate negotiate, an agreement with WARC that will enhance a formal relationship:

2.1 That could move REC toward being an affiliated entity within WARC.

2.2 That this relationship be one of intentional cooperation and interrelationship.

2.3 That, at least at the general secretary and the executive committee level, there be regular consultation and collaboration.

2.4 That, as much as is possible, REC and WARC function in a complementary and/or a possible joint manner.

2.5 It is desirable that REC will continue to exist and retain its independence as an entity even within the framework of WARC.

2.6 That such an agreement allows adequate space for member churches of REC who are not WARC-affiliated to participate in REC or REC/WARC activities without requiring WARC membership.

2.7 That the committee of 4 REC representatives be composed as follows:

2.7.1 The general secretary of REC.

2.7.2 The President of the executive committee of REC.

2.7.3 A representative of an REC member-church that is also a member of WARC.

2.7.4 A representative of an REC member-church that is not presently a member of WARC.

2.7.5 It is suggested that this committee of 4 be joined by 4 WARC-appointed members to form one committee to develop a joint-proposal for initial consideration by the respective executive committees no later than December 2006.

3. That the final decision on specific timelines, inter-office arrangements, financial details (if any), and organizational placement, be referred to the negotiating committee.

4. That the expenses for the development of a proposal be respectively born by REC and WARC.

5. That an extended* executive committee of REC be convened at such a time as a proposal is ready for formal consideration subject to the following conditions:

5.1 The proposal to be considered by an extended executive committee shall be received by each member church no later than 6 months before an extended executive committee is convened. No extended executive committee shall be convened later than 18 months prior to the next scheduled meeting of the REC Assembly.

5.2 The proposal must, in the sole judgment of the REC executive committee, be within reasonable boundaries of the decisions of the Utrecht Assembly.

6. That the executive committee shall provide a full report with recommendations to the next assembly.

*An extended executive committee means the executive committee itself, the advisors, and not less than three representatives of member churches.

^{3.15} The structures for governing the Council are set forth in its Constitution. They establish the basic institutional shape of the WCC. These governing structures are mechanisms to ensure that the activities undertaken by the Council's internal institutional structure are attuned to the vision and needs and concerns of its member churches and ecumenical partners. In the way they are constituted and in the way they function, they should:

- ^{3.15.1} ensure maximum representation, participation and transparency in policy- and decision-making and avoid concentrating this power and responsibility in a small group;
- ^{3.15.2} give priority to reflection and deliberation on the key issues facing the churches in the world, rather than being dominated by organizational and programmatic decision-making;
- ^{3.15.3} provide a setting and process in which the voices of all can be truly heard, rather than one which privileges those whose culture, language, education or experience make it easier for them to speak out;
- ^{3.15.4} give continued attention to the coherence and coordination of the WCC's activities and their theological basis, rather than serving as a forum for advocating particular interests and agendas in isolation (and thus maintaining familiar dichotomies between "church unity concerns" and "social justice concerns", "ecclesiology" and "ethics", the "pastoral task" and the "prophetic task", "mission" and "dialogue", "relationships" and "programmes");
- ^{3.15.5} stimulate and engage those with policy-making and leadership responsibilities in the member churches to take up the concerns of the fellowship of churches and to act ecumenically in their local contexts, rather than perpetuating an impression of the WCC and the ecumenical movement as something apart from and outside of the churches;
- ^{3.15.6} allow for the establishment and deepening of relations with churches which are open to ecumenical fellowship but do not now find membership in the Council ecclesiologically possible or congenial;
- ^{3.15.7} therefore make visible a foreshadowing of the full *koinonia* which the churches seek through the ecumenical movement.

^{3.16} The internal structure of the WCC, set forth in its rules, regulations and bylaws and the decisions of its governing bodies, is a mechanism for organizing effectively the day-to-day work undertaken by the staff to carry out the decisions and policies made by the governing bodies. This structure should:

- ^{3.16.1} manifest the identity of the WCC as a fellowship of churches which have come together in this body on a trinitarian theological basis; this implies both working in an integrated manner on the full scope of the common calling to unity and making evident how all the Council's activities are grounded in the hope that God's purposes, revealed in Jesus Christ and activated in the world by the power of the Holy Spirit, will not fail;
- ^{3.16.2} aim at enhancing the fellowship among the member churches, not at building up or maintaining an organization for its own sake;

- ^{3.16.3} acknowledge the plurality of cultures and theological and spiritual traditions represented in the member churches and manifest a commitment to being a truly inclusive community;
 - ^{3.16.4} recognize that the Council's unique identity and experience as a fellowship which is both worldwide and open to churches of all Christian traditions equip it to undertake certain specific elements of the ecumenical vocation:
 - playing an animating and coordinating role in efforts for the coherence of the one ecumenical movement;
 - serving as a mediator among parties in conflict or as advocate for groups who are unable to speak for themselves;
 - being a seed-bed of ideas and a source of analysis, drawing on the breadth of experience of its member churches to help them to grow together in their ecumenical awareness and to arrive at new understandings of reality;
 - demonstrating the intimate relations between the local and the global, in the recognition that local issues often have global implications and that global dilemmas are often most pressing in their local manifestations;
 - speaking the prophetic word which from its global perspective addresses the urgent issues of the day;
 - ^{3.16.5} ensure that responsibility for ecumenical activities is lodged as near as is feasible to the point of application, in partnership with groups of member churches and other ecumenical organizations;
 - ^{3.16.6} enable the Council to adapt its work and working style as necessary to meet the rapidly changing conditions of the world and the diverse needs of the churches in a focused, effective and economically sustainable manner;
 - ^{3.16.7} provide for regular planning, review and assessment of all activities.
-

Chapter 4

Relationships with Partners in the Ecumenical Movement, Churches Outside of WCC Membership, and Other Bodies

^{4.1}Whenever people are drawn together in the name of Jesus Christ, it is the work of the Holy Spirit. This means that all efforts aimed at promoting the unity of the church and all initiatives in which Christians seek to participate in God's healing of creation are fundamentally related.

Councils and conferences of churches

^{4.2}The relationship between the WCC and *regional, national and local councils (conferences) of churches or Christian councils (conferences)* is crucial for the vitality and coherence of the ecumenical movement. These latter bodies differ from one another in their constitutional basis and their composition. While most, like the WCC, are constituted by churches as members, some also include other Christian organizations (e.g. Bible societies, the YMCA and YWCA). Several of the Regional Ecumenical Organizations (REOs) include National Councils of Churches and National Christian Councils (NCCs) as full members. Nevertheless, despite these differences, all such ecumenical bodies share the same basic purpose.

^{4.3}All councils are independent bodies whatever the structural links between them. The Constitution and Rules of the WCC acknowledge that such bodies at the regional and national levels are essential partners in the ecumenical enterprise. National councils, in particular, can be recognized as being in association with the WCC. In addition, the member organizations of the Conference for World Mission and Evangelism have a structural link with the WCC through this Conference. The evolution and interrelatedness of the ecumenical agenda call for the establishment of more structured relationships and better coordination of activities among the councils on all levels.

^{4.4}Because local, national, regional and world councils of churches are all expressions of the one ecumenical movement, their relationships should be characterized by a conciliar spirit of mutuality and cooperation, rather than competition and the demarcation of areas of influence. The worldwide ecumenical movement and its organizational expressions form a network with many centres of activity, not an hierarchical structure with superimposed levels of authority. As part of this network, the WCC has an essential and distinctive role as "the unique place where churches can gather ecumenically on a global level to share in dialogue and common action. The Council demonstrates visibly the global interaction of Christians and makes it possible for the whole church to stand beside Christians in crisis situations" (Central Committee, 1989). In this age of fragmentation, the WCC's task of global witness and coordination may take on greater significance. But this is not a "superior" role. All councils, in so far as they serve the ecumenical vision of wholeness and healing, are gifts of the same Spirit and expressions of the same fellowship in Christ.

^{4.5}In 1992 the WCC Central Committee accepted a set of "Guiding Principles for Relationships and Cooperation between Regional Ecumenical Organizations and the World Council of Churches". They define the relationship as one of "partnership based on their common faith and commitment", characterized by complementarity, mutual trust and reciprocity. While much progress has been achieved in information-sharing, mutual consultation and programmatic collaboration, the magnitude of the common tasks and challenges to be faced with severely limited resources suggests the need to establish more intentional structural links to enable common planning and decision-making as well as an effective division of labour. Both the WCC and the REOs recognize the NCCs as essential partners in their work, mediating and coordinating relationships with the member churches in a given country; and this should be recognized in any effort to develop a comprehensive framework linking the different councils and conferences of churches in the one ecumenical movement.

^{4.6}The ecumenical movement is both universal and local. The oneness of the ecumenical movement worldwide should be evident in each local, national or regional council of churches, just as the WCC must remain firmly in touch with the reality of local communities where Christians are gathered to worship and serve.

Other ecumenical bodies

^{4.7}In addition to its relations with councils of churches of differing geographical scope, the WCC is in relationship with a variety of other ecumenical bodies.

^{4.8}An important relationship is that between the WCC and the diverse bodies known generally as *Christian World Communions*. Again, these relationships should be marked by mutual accountability and reciprocity, and the Council should seek ways to share tasks and resources with these partners in the ecumenical movement. Such sharing is particularly important for those bodies which understand themselves as one worldwide communion of churches and of which most if not all members are also member churches of the WCC. Ways should be found to associate such bodies more directly with the organized life of the WCC. A strong relationship between the WCC and these bodies can be enriching for both, strengthening the sense of the latter that they are part of the worldwide fellowship of Christians and reminding the churches in the World Council that ecumenical commitment can be nourished by rootedness in an ecclesial tradition.

^{4.9}The WCC is constituted as a council of churches. This is a central statement of its identity. However, the constitutional documents of the WCC recognize that the Council must maintain working relationships with a wide variety of *international ecumenical organizations*, some of which are older than the WCC itself. These include organizations representing particular constituencies - such as youth, students, women, lay people - and bodies and agencies with a particular functional purpose or ministry in such fields as education, communication, resource sharing and development. As organizations with an international scope and mandate, most of them understand themselves as carrying out a specialized ministry in response to the same ecumenical calling as the member churches of the WCC. Strengthening the partnership with these organizations will be of vital importance for the WCC in the effort to maintain the coherence of the ecumenical movement.

^{4.10}The dynamic of the ecumenical movement over the past decade has given rise to various *Christian communities and movements*. Most have a flexible organizational structure as part of the wider network of social or popular movements, but they have become important partners of the WCC in service, especially in working for justice, peace and the integrity of creation. Many of these movements have been prophetic within and beyond the churches and have opened up new ways of Christian witness in the wider community. The WCC should continue to offer itself as a forum where such communities or movements whose objectives and activities are in harmony with the Basis, purpose and functions of the WCC can meet and cooperate.

Churches which are not members of the WCC

^{4.11}The *Roman Catholic Church* has been, since the Second Vatican Council, an active participant in the ecumenical movement and a valued partner in numerous ways with the WCC (especially through the Joint Working Group and participation in the Commission on Faith and Order). The member churches of the WCC and the Roman Catholic Church are inspired by the same vision of God's plan to unite all things in Christ. It is inconceivable that either the WCC or the Roman Catholic Church could pursue its ecumenical calling without the collaboration of the other; and it is to be hoped that both will find ways to deepen and expand this relationship, particularly since the Roman Catholic Church has in recent years become part of a growing number of local, national and regional ecumenical bodies of which WCC member churches are also part. While membership in the WCC is by no means the only way for the churches to work together on a worldwide level, some member churches of the WCC which maintain bilateral relations with the Roman Catholic Church believe that the fellowship of the WCC is impoverished by the absence of the Roman Catholic Church from this circle of churches.

^{4.12}The fellowship of the WCC is limited by the absence of other churches which, for various reasons, have not sought membership. For example, unjustifiable barriers have arisen between the WCC and some *Evangelical and Pentecostal churches* because of tendencies on both sides to caricature or remain indifferent to each other. Some of these barriers have begun to break down through the development of ongoing contacts between the WCC and other bodies, such as the World Evangelical Fellowship. These

efforts should be sustained by the search for new forms of relationships at all levels between WCC member churches, other churches and other ecumenical organizations.

Other organizations and groups

^{4.13}The inseparable connection between work for the unity of the church and work for the healing and wholeness of all creation will often bring the Council into dialogue and collaboration with persons, groups and organizations that are not identified by a specific Christian purpose or commitment. This includes in particular representative organizations of other faith communities or inter-religious bodies. While in these cases a structural relationship would be not be possible or appropriate, they are indispensable partners for the WCC in its effort to foster dialogue and cooperation with people of other faiths in order to build viable human communities.

^{4.14}Mention must also be made of the large number of international non-governmental organizations and other groupings of civil society at the national and international levels, as well as governmental and inter-governmental institutions, particularly the United Nations and its various specialized agencies (with which the Council has long maintained consultative status). The challenges of globalization and the search for an international order of justice and peace necessitate close contacts between the WCC and such organizations.

A.5.2 VERSLAG VAN ALGEMENE DIENSGROEP GEMEENTE-ONTWIKKELING: *VERHOUDINGS*

1. BYBEL-MEDIA

ADGO se fokusareas ontwikkel produkte in noue samewerking met Bybel-Media .Bybel-Media is 'n vennoot in die ware sin van die woord en uitstekende samewerking word ervaar. ADGO dra graag haar dank aan Bybel-media oor.

2. FORUM FOR INTERCULTURAL MISSIONARIES (FIM)

FIM is deel van ADGO se samestelling en lewer veral 'n bydrae tov nuwe Gemeente-Ontwikkeling, evangelisasie en kerklos-lidmate.

A.5.3 VERSLAG VAN ALGEMENE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS: VERHOUDINGS

1. KERKHERENIGING EN DIE AKGA

(Handelinge 2004:365 pt.8.1.2,8.2.2.1)

Die Algemene Sinode keur die besluit van die AKGA goed en versoek die AKGA Dagbestuur om die nodige Reglementswysiging aan te bring ten einde die NGKA as volle lid te aanvaar.

die Algemene Sinode bevestig die voortgesette funksionering van die AKGA en word op die AKGA verteenwoordig deur lede van die Diensgroep Diens en Getuienis en meer spesifiek lede van die Taakspan vir Getuienis.

1.1 Die ontwikkeling van die Diensgroep: Diens en Getuienis het uiteraard 'n impak op die AKGA wat vroeër hoofsaaklik op die getuienis van die kerk gefokus het, gehad. Gegewe die geskiedenis van die AKGA asook die Voorneme tot samewerking en vereniging wat reeds tussen die AKDB (NG Kerk en die ASKDD (VGKSA) bestaan het, het die ADD van die begin af die visie gehad dat die ontwikkeling van die diensgroep eerder 'n gesamentlike aangeleentheid van al vier Kerke in die NG Kerkfamilie behoort te wees. Die verbintenisse van die Moderamina van die vier kerke aan die proses van kerkhereniging (Esselenpark en Achterbergh) het energerend ingewerk op die proses om 'n gesamentlike bedieningsgroep bestaande uit al vier kerke in die NG Kerkfamilie tot stand te bring. Aan die ander kant het die feit dat die kerke nog nie herenig is nie verskeie kerkregtelike hindernisse in die gesprek gebring. Nadat 'n taakgroep bestaande uit verteenwoordigers van al vier kerke die verskillende moontlikhede vir 'n gesamentlike bediening ondersoek het, het die Diensgroepe vir Diens en Getuienis van die vier kerke op 17 en 18 Oktober 2006 saam vergader en besluit om 'n Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis tot stand te bring. Alhoewel die RCA as gevolg van 'n interne kommunikasieprobleem nie teenwoordig was nie het die kerk instemming met die proses betuig en is hulle ten volle deel van die Verenigde Diensgroep. 'n Konstitusie wat as 'n samewerkingsooreenkoms dien, is aanvaar. Die implikasie hiervan is dat die bestaande Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) kan verval.

1.2 Die Diens en Getuienisbedieninge van die vier kerke het verder ooreengekom om sover as wat dit moontlik is hulle agendas in die teenwoordigheid van die ander kerke te hanteer sodat daar mettertyd 'n gesamentlike agenda vir die Diens en Getuienis van die NG Kerkfamilie kan ontwikkel. Uit die aard van die saak sal die verslagdoening na die vier kerke steeds afsonderlik wees, maar ook ten opsigte van die opstel van die verslag aan die kerke is daar ooreengekom om dit sover moontlik in mekaar se teenwoordigheid te doen.

1.3 AANBEVELING: VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS

Die Algemene Sinode

1.3.1 Keur die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis goed en moedig sinodes aan om in sinodale verband moeite te doen dat hulle diens van barmhartigheid en getuienisbedienings met die ooreenstemmende bedieninge van die ander drie kerke in die NG kerkfamilie 'n verenigde struktuur vir Diens en Getuienis vorm.

1.3.2 Neem kennis dat die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) in die lig van die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis kan verval.

2. EKUMENIESE BETREKKINGE EN VENNOOTSKAPPE

Die ADD het ten opsigte van ekumeniese vennootskappe, asook vennootskappe in die breë NG Kerkfamilie, die volgende werkwyse met die Algemene Sekretaris ooreengekom:

* Amptelike skakeling tussen kerke hoort primêr op die tafel van die Algemene Sekretaris.

* Waar hierdie amptelike skakeling tussen kerke handel oor werksaamhede wat op die terrein van die Diensgroep Diens en Getuienis lê, byvoorbeeld ten opsigte van maatskaplike dienste, sal die Algemene Sekretaris dit in oorleg met verteenwoordigers van die ADD doen.

* Die ADD gaan voort met ekumeniese skakeling en samewerking op die diensterrein van die Diensgroep, maar sal dit sover moontlik in oorleg met die Algemene Sekretaris doen.

* Dit is belangrik dat daar nie net geskakel word ter wille van skakeling nie; ekumeniese skakeling behoort uit te loop op konkrete samewerkingsprojekte.

* Die Sekretaris Diensgroep Diens en Getuienis kan ook 'n strategiese bydrae lewer ten opsigte van die ekumeniese verhoudinge in Afrika.

3. VENNOOTSKAPPE TUSSEN KERKE

(Handelinge 2004:366 pt.9.3)

Die AKGA word versoek om, in samewerking met buitelandse kerke in die NG kerkfamilie, te besin oor die mees effektiewe wyse om vennootskappe tussen kerke te vestig en uit te bou, maar ook in sigbare eenheidstrukture uitdrukking en praktiese beslag te gee aan die gesamentlike getuienisroeping van die breër NG kerkfamilie.

Gemeentes van die NG kerk word opnuut versoek om bestaande ooreenkomste met susterskerke in buurlande in ag te neem en te eerbieding tydens uitreik-projekte.

Om ons onderskrywings van die eenheid van die breër NG kerkfamilie en ons getuienis te bevestig en met goeie visie, beplanning en bestuur te werk, roep die AKGA sover moontlik die NG kerkfamilievennote jaarliks saam.

Ons uitreike in Afrika met die evangelie moet onderneem word met goeie koördinerings tussen die rol van die kerkverband en die plaaslike gemeente.

3.1 In die vorige gesamentlike verslag van die AKDB, ASKG en AKGA is 'n kort opsomming gegee van die kerke in die NG kerkfamilie in Afrika en die uitdagings waarmee hulle gekonfronteer word. Weens die koste-implikasie kon die besluit oor jaarlikse gesprekke met die vennootkerke in Afrika en die res van die wêreld nie realiseer nie. Die ADD het daarvan kennis geneem dat daar toenemend vennootskappe met gemeentes van kerke in die breë NG kerkfamilie in Afrika gesluit word. Dit is 'n verblydende tendens maar dit blyk ook dat vorige ooreenkomste tussen sinodes soms nie eerbiedig word of dat die leierskap van die kerke in Afrika in ag geneem word nie. (Sien Moderamen C3.4.4).

3.2 Vennootskappe tussen kerke het 'n belangrike metode van Diens en Getuienis geword en die ADD oordeel dat 'n konferensie oor vennootskappe tussen die kerke in die NG Kerkfamilie in Afrika asook kerke buite Afrika, tans baie nodig is. So 'n konferensie kan ook 'n baie effektiewe manier wees om die bande tussen die kerke te verstewig en raamwerke te ontwikkel waarbinne vennootskappe aangegaan kan word. Die konferensie word beplan vir 2008 en verteenwoordigers van al die kerke in die familie in Afrika en buite Afrika sal genooi word. Ter voorbereiding van die konferensie is die ADD tans besig met 'n studie oor vennootskappe in 'n missionêr-diaconale bediening.

3.3 AANBEVELING: VENNOOTSKAPPE TUSSEN KERKE

Die Algemene Sinode

3.3.1 Herbevestig die sinodale indeling vir vennootskappe vir diens en getuienis binne die NG Kerkfamilie in Afrika wat vroeër reeds goedgekeur is.

3.3.2 Keur dit goed dat 'n konferensie oor vennootskappe tussen kerke in die breë NG Kerkfamilie in Afrika in 2008 gehou word.

4. EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE

Die ASKDD van die VGKSA is reeds geruime tyd betrokke by ekumeniese vennootskappe insake die diakonaat. Die South African Diaconal Partnership (SADP) is met 'n aantal Noord-Amerikaanse kerklike vennote naamlik die RCA, die CRWRC en 'n aantal gemeentes van die RCA en die CRC. Daar is ook vennootskappe met kerke in Europa en in Skandinawië. Die NG Kerk is reeds in 2006 genooi om lid te word van die SADP en met die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis het die verteenwoordigers van die VGKSA begin met onderhandelings om die vennootskappe om te skakel na vennootskappe met die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis, dit wil sê die NG Kerkfamilie.

5. VENNOOTSKAPPE MET KERKLIKE INSTELLINGS

5.1 CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (CLF)

5.1.1 Die verslag Christelike Lektuurfonds (CLF) is hierby aangeheg as **Bylaag 1**. Die CLF is vanjaar vyftig jaar oud en die geleentheid is op 25 Februarie 2007 met 'n Feesdiens in Bloemfontein gevier. By die geleentheid het die Algemene Sekretaris 'n boodskap van gelukwensing namens die NG Kerk aan die CLF oorgedra.

5.1.2 AANBEVELING: CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (CLF)

Die Algemene Sinode dank die Here vir die Christelike Lektuurfonds wat die afgelope vyftig jaar die boodskap van die Bybel veral deur die gedrukte media in verskillende tale aan duisende mense verkondig het.

5.2 ISWEN

5.2.1 Die verslag van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) is hierby aangeheg as **Bylaag 2**.

5.2.2 AANBEVELING: ISWEN

Die Algemene Sinode ondersteun steeds ISWEN se poging om, saam met die NOVA Instituut te werk aan die ontwikkeling van 'n lewenstyl wat meer ekologies-vriendelik is.

5.3 HUGENOTE KOLLEGE

5.3.1 Die verslag van Hugenote Kollege is hierby aangeheg as **Bylaag 3**.

5.3.2 AANBEVELING: HUGENOTE KOLLEGE

Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag van Hugenote Kollege.

VERSLAG VAN DIE CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

'N HALFEEU VAN GENADE

AGTERGROND

Christelike Lektuurfonds vier in 2007 sy 50ste bestaansjaar. 'n Halfeeu van evangelieverspreiding aan mense regoor Suid-Afrika en ook oor die grense heen. En dit ten spyte van die oorspronklike teenkanting wat die stigter, dr Abraham Dekker selfs van die eertydse eerste minister, mnr Strijdom asook dr HF Verwoerd gekry het.

Vandag, 'n suksesvolle vyftig jaar later word daar jaarliks honderde duisende pamflette oor Suid-Afrika en na buurlande soos Lesotho, Namibië, Botswana, Malawi, Zimbabwe, Zambië, Mosambiek en selfs na Sri Lanka en Indië versprei.

CLF is vyftig jaar gelede deur dr Abraham Dekker begin toe hy die droom met 'n handjievol mense gedeel het om 'n lektuurfonds op die been te bring, spesifiek vir die alle taal- en kultuurgroepe van Afrika.

Die ambisieuse droom om 50 000 vrywilligers bymekaar te kry wat elk 60 pond binne vyf jaar kan bydra om die £3 000 000 bymekaar te maak is deur baie as onmoontlik afgemaak en selfs afgelag, maar in net minder as 'n jaar het die fonds tot 'n kwartmiljoen pond gegroei en daagliks gegroei. Oom Abraham het vir niks en niemand gestuit nie en selfs sy nuwe Ford verkoop, aansienlike skuld aangegaan en Bloemfontein toe verhuis.

Die 4 sinodes is genader vir steun. Transvaal, die Vrystaat en Natal was dadelik bereid maar die Kaapse Kerk het besluit dat geen geld daar ingesamel kan word nie.

Mense het egter gou hul harte oopgemaak en die fonds ondersteun. Merkwaardig dat die fonds gegroei het uit die meeste bydraes van mense wat so min as £1 - £10 gegee het. Elke bietjie help! Daar was egter ook aansienlike hupstote soos 'n persoon van Newcastle wat na 'n erediens waarin daar oor CLF se werksaamhede gepraat is, haar testament verander het en R70 000 aan CLF bemaak het. Ook groot instansies soos die vroeëre Volkskasbank, het 'n bedrag van R90 000 geskenk.

Onder dr Dekker se leiding was daar sowat 40 predikante wat by gemeentes gepreek het en CLF se saak gestel het.

Hoewel die R6 miljoen nie in die vyf jaar ingesamel is nie, is Christelike Lektuurfonds oor die afgelope 50 jaar ryklik geseën met verantwoordelike bestuur en bydraes, groot en klein van ruimhartige donateurs wat die droom deel om die Boodskap van die Bybel aan almal in hul eie taal te bring.

Dit was voorwaar 50 genadejare dat 'n nie-winsgewende organisasie, wat geheel en al op die goeiehartigheid van donateurs aangewese is, nog suksesvol kan voortgaan met die verspreiding van die Boodskap van die Bybel.

CLF VANDAG

Na 47 jaar wat CLF in Bloemfontein gevestig was, is daar na die voorafgaande sinode besluit dat die verskillende instansies van die NGK wat met die media te doen het, nader aan mekaar moet beweeg om 'n meer effektiewe struktuur vir samewerking daar te stel.

CLF het verhuis na Wellington waar die ander instansies toe reeds gesetel was en is tans in 'n strategiese samewerkingsooreenkoms met Bybel-Media waar alle handelsaktiwiteite, ook die van CLF, deur 'n enkele instansie naamlik Bybel-Media Handel gekanaliseer word. Bybel-Media Handel word vanuit CLF se gebou in Wellington bedryf waar daar 'n wedersydse benutting van personeel en ander hulpbronne tussen CLF en Bybel-Media is.

Die drukkerij in Bloemfontein is gedeeltelik aan 'n swart bemagtigingsgroep verkoop en tans besit CLF 'n 40 % aandeel in die drukkerij. Dit is belangrik vir CLF om by die drukkerij betrokke te wees veral tov die bekostigbaarheid van sy drukwerk en sekere gespesialiseerde boeke wat daar vir CLF gedruk word.

WERKSAAMHEDE

CLF se lektuur het ook 'n gedaanteverwisseling ondergaan sedert die eerste 'traktaatjie' sowat 50 jaar gelede verskyn het.

Baie dink nog aan traktaatjies as vergeelde blaadjies gedruk in een kleur ink en getekende prentjies wat die Woord probeer oordra op 'n interessante manier. Maar CLF het lank reeds dié beeld afgeskud en spog met kleurrike pamflette oor 'n verskeidenheid aktuele onderwerpe - onderwerpe wat selfs deur middel van sosiale probleme die Woord van God by mense tuisbring.

Van die onderwerpe sluit onder meer in dwelmmisbruik, alkoholmisbruik, vigs, huweliksverryking, lewenskeuses, depressie, selfmoord, hoe om die dood van 'n geliefde te verwerk en nog vele meer. Daar is natuurlik steeds 'n wye verskeidenheid pamflette oor geloofskwessies en geloofsekerheid. En soos die afgelope vyftig jaar is hierdie pamflette steeds gratis beskikbaar vanaf CLF.

CLF het onlangs ook steun ontvang van groot organisasies wat deel wil hê in die bekamping van sekere sosiale kwessies – wat mense wil voorsien met Bybelsgefundeerde riglyne wat hul sal help om beter keuses te maak en sodoende hul lewenstandaard te help verbeter.

So het die Departement van Landbou, die Beyerskloof Faith Fund asook die Industry Association for Responsible Alcohol Use bygedra om CLF te help om hul droom te verwesenlik – om die Boodskap van die Bybel na almal te neem deur gratis Christelike lektuur in elkeen se taal - al is dit nou langs die weg van fetale alkoholsindroom en dwelmmisbruik wat aangespreek word.

CLF is besig om 'n samewerkingsooreenkoms met die Christelike Polisievereniging en Korrektiewe Dienste te sluit. Daar het reeds twee pamflette deur CLF verskyn vir die Polisievereniging. In 2007 sal hierdie reeks uitgebrei word.

Departement van Landbou – hierdie departement het R7000 bygedra tot die druk van die pamflet – Wat doen drank aan my ongebore baba? Daar word nou indringend gewerk aan 'n konsep op verdere samewerkingsmoontlikhede met hierdie departement.

ARA – Industry Association for Responsible Alcohol Use – hierdie organisasie 'n stewige R10 000 bygedra tot die druk van bg pamflet.

Beyers Truter Faith Fund – Daar word gekyk na verdere samewerkingsmoontlikhede met hierdie fonds nadat hulle ook R10 000 bygedra het tot die druk van Fetale Alkoholsindroompamflette.

Oor die vraag of die dae van pamflette (traktaatjies) se dae getel is: CLF kan nie voorbly om te voorsien in die geweldige aanvraag na pamflette nie. Boonop word geen pamflette bloot net gestuur nie – elke pamflet wat vanaf ons versendingstoor gaan, is deur iemand bestel. Daar word egter ook voorsiening gemaak vir diegene wat die pamflette elektronies wil bekom – en daar is pamflette wat vanaf die webwerf afgelaai kan word.

Daar is baie insidente – so bv is daar die geval van een van CLF se medewerkers wat 'n buurland besoek het en in 'n armsalige hut het 'n vrou 'n verkreukelde traktaatjie onder haar matras uitgehaal en gesê dat sy ook nou van die Here weet, want sy lees elke aand van Hom – dit was haar enigste Christelike lektuur wat sy soos 'n kosbare kleinood onder haar matras bewaar! Oom Japie du Plessis en dr Gideon van der Watt, beide lede van die Beheerraad van CLF, is self baie gemoeid met sendingaksies en het baie verhale om te vertel van hul reise gedurende die jare. En daagliks ontvang CLF hartroerende briewe van mense wie se lewens deur CLF se lektuur aangeraak is.

CLF het ook daadwerklik begin met bemarkingsaksies. Benewens uitstallings by sinodes, kerkgebeure en geleenthede, is daar sowat 9 preekmedewerkers wat regoor die land preekbeurte waarneem om CLF se saak te versterk onder gemeentes.

Promosie artikels verskyn maandeliks in die tydskrif Lig, by geleentheid in Kerkbode en ander media. CLF borg ook vir die volgende jaar die oggendgodsdienste op 'n Saterdag met 'n advertensie wat daarmee saamgaan.

TOEKOMSVISIE

Om vir 50 jaar 'n diens te lewer wat steeds relevant is in die nuwe omgewing waarin ons werksaam is, verg groot aanpassings waarby CLF ook moes aanpas.

Die toekoms sal egter nog steeds meer van hierdie tipe uitdagings bring wat selfs meer aanpassings teweeg sal bring so om te verseker dat CLF vir die volgende 50 jaar nog kan bestaan.

Die geweldige toename in Christenskap in Afrika bring ook groter behoeftes mee wat verskil van die meer gesofistikeerde mark. CLF het pas 'n lektuurkonferensie in Lusaka gehou om met die nodige rolspelers te beraadslaag oor behoeftes. Veral die ontwikkeling op elektroniese gebied sal nuwe uitdagings vir CLF skep. Dit is met groot dankbaarheid wat CLF die volgende 50 jaar se uitdagings aanvaar.

Die jaar 2007 is dus nie net een van 50 ongelooflike genadejare vir CLF nie, dit is ook 'n vreugdejaar waarin daar feesgevier sal word tot ere van God wat dit moontlik gemaak het en ook as 'n eerbewys teenoor die getroue donateurs en ondersteuners wat deel in CLF se droom.

CLF kan gekontak word by 021 873 6964, 'n faks te stuur na 021 864 3677 of te skryf na Privaatsak X19, Wellington, 7654. Jy kan ook per e-pos bestel deur 'n e-pos te stuur na info@clf.co.za

CLF – Die Boodskap van die Bybel aan almal – deur gratis Christelike lektuur in elkeen se taal.

VERSLAG OOR DIE WERKSAMHEDE VAN ISWEN

Die sendingera waarin ISWEN tot stand gekom het – die hele netwerk van sendelinge, predikante in sinodale diens, ensovoorts – bestaan nie meer nie. Die fase wat daarop moet volg begin nou al hoe meer gestalte aanneem. Die vereiging van die NG Kerkfamilie, die saamvoeging van Sending en Diens van Barmhartigheid en die aandag aan probleme in plaaslike gemeenskappe, veral armoede, MIV/vigs en konflik en geweld, is hoog op die agenda.

Die kerk het egter nie die hulpbronne – *kundigheid, fondse, netwerke* – om die uitdagings in die gemeenskappe op 'n behoorlike wyse aan te pak nie. Dit is in baie opsigte nuwe probleme. Daar is byvoorbeeld nou meer mense wat MIV-positief is in die land, as wat daar 'n eeu gelede *mense* was! En die NG Kerk se eie fondse en mense word al minder! Die kerk moet nuwe bedieningspatrone ontwikkel vir nuwe uitdagings.

ISWEN het oor die afgelope jare baie min kapasiteit gehad. Die toekenning van die kerk was skaars genoeg vir halwe sekretariele pos. In samewerking met die NOVA-Instituut, en deur die genade van die Here, is daar egter 'n redelik mate van kapasiteit en vermoë opgebou om die hulpbronne vir sulke nuwe bedieningspatrone te ontwikkel. Die drie hulpbronne wat hierbo genoem is, word kortliks toegelig:

1. KUNDIGHEID

ISWEN/NOVA het drie voltijdse navorsers, dr. Attie van Niekerk, dr. Christiaan Pauw en dr. Montagu Murray, met 'n groot multi-dissiplinere span navorsers wat op deeltijdse basis betrokke is. Hulle werk aan 'n verskeidenheid aspekte in en met arm gemeenskappe. Die meeste van die fondse word verkry deur kontrakte vir industrie en regeringsdepartemente. Gemeentes en sinodes gee ook onersteuning. Al hoe meer geleenthede vir die kerk en gemeentes word ontwikkel.

ISWEN se werkswyse stem ooreen met die Universiteit van Pretoria se klem op innovasie en entrepreneurskap. Die NOVA-Inkubator is geregistreer as projek van die Fakulteit Teologie. Dit bring al hoe meer wisselwerking tussen NOVA se werk saam met rolspelers in die praktyk, en die akademiese teologiese werk. Die wisselwerking geskied by wyse van praktyknavorsing en praktykopleiding. Dit is wetenskaplike werk en moet onderskei word van praktiese werk.

2. FONDSE

ISWEN hoop om in die toekoms 'n stewige groei in befondsing te verkry vir sy eie werk, onder andere deur die verhandeling van die vermindering in die vrylating van koolsuurgas, wat 'n kweekhuisgas is, wat in NOVA se projekte bereik word. Die vrees vir die klimaatverandering as gevolg van die mens se optrede het kerke in Europa en Amerika daartoe gebring om aandag te gee aan die verandering van lewenstyl. NOVA is reeds jare hiermee besig en fondse begin beskikbaar raak daarvoor.

Daar word gewerk aan befondsing van Diensgetuienisprojekte in plaaslike gemeenskappe, as deel van 'n nuwe bedieningspatroon.

3. NETWERKE

ISWEN het deur NOVA verhoudings opgebou met verskeie regeringsdepartemente en industrie, asook ander navorsers en arm gemeenskappe. Goeie samewerking (met befondsing) is aan die ontwikkel met Kerkinactie van die Protestantse Kerk in Nederland, asook met die Hervormde Kerk in Suid-Afrika.

ISWEN neem deel aan die werksaamhede van die Algemene Sinode, soos Project Right Direction en Profesie oor Profyt.

4. NOVA PROJEKTE

NOVA is tans besig met die volgende projekte:

- * Die vestiging van lugesoedelingmetode in 10 munisipaliteite, deur die plaaslike kerke
- * Die evaluering van energie-doeltreffende ontwerpe vir lae-koste behuising, saam met die plaaslike owerheid van Kaapstad; aandag word ook gegee aan die behoeftes wat ontstaan agv die tuisversorging van weeskinders en ander brose kinders
- * Huishoudinggebaseerde produksie van 'n paar produkte, in die stad en die platteland, o.a. saam met die Willem Nicol Trust. In Mamelodi word dit gekombineer met kerkplanting

5. PUBLIKASIES

Daar is `n paar boeke gepubliseer. Publikasies is nie `n groot prioriteit nie, maar die beplanning vir die toekoms word tans met `n paar ervare mense bespreek.

Dr Attie van Niekerk (Direkteur ISWEN)

VERSLAG VAN DIE HUGENOTE KOLLEGE AAN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK: 2006

Ontvang hiermee met dank aan ons Hemelse Vader verslag oor die werksaamhede van die Hugenote Kollege in 2006.

Inleidende opmerkings:

Wanneer die Suid-Afrikaanse maatskaplike uitdaging binne die konteks van die groei-strategie vir Afrika (NEPAD) geplaas word is dit voor die handliggend dat die Hugenote Kollege voor groot maatskaplike opleidings- en ontwikkelings vraagstukke te staan gekom het.

Dit is noodsaaklik dat die Kollege nou suksesse van die verlede inlees en inpas by die moderne en vernaderende rol. Die strategiese geleentheid wat deur die huidige maatskaplike realiteite aan opleidingsinstansies gestel word is fenominaal, en is die Hugenote Kollege myns insiens ideaal geposisioneer om 'n daadwerklike bydrae te lewer.

Vir my is een van die ankerpunte in die verlede gesetel in die Christelike etos en karakter van die Kollege. Te midde van fel aanslae huidig, en ook in die verlede, was die Christelike karakter van Hugenote Kollege een van die bonafides wat nooit in twyfel getrek is nie. Ek persoonlik sal my daarvoor bly beywer om hierdie tradisie voort te sit en uit te bou.

1. Administrasie

1.1 Personeel

Die totale personeelkorps van die Kollege het bestaan uit 60 permanente personeellede. Hulle is bygestaan deur 26 voldag- en 28 deelydse kontrakpersoneellede. Drie personeellede het die afgelope jaar hulle diens aan die Kollege beëindig en agt het by die personeelkorps aangesluit.

1.2 Finansies

Die akademiese begroting van die Kollege het R 13,313,106 bedra. Die bronne van inkomste vir dié begroting was as volg:

Staatsubsidie:	R 4,552,667	34%
Studentegelde:	R 7,020,719	53%
Kerkbydraes:	R 70,000	0,52%
Ander bronne:	R 1,669,720	13%

Die koshuisbegroting het R 1,849,662 bedra. Die bronne van inkomste vir dié begroting was as volg;

Staatsubsidie:	R 0-00	0%	
Losiesgelde:	R 1,695,539		91.67%
Kerkbydrae:	R 0-00	0%	
Ander bronne:	R 154,123		8.33%

1.3 Koshuise

Die koshuise word maksimaal benut. Tans kan 297 studente in koshuise en kollegehuises geakkommodeer word.

Mevv. Riana Engelbrecht en Erika Hanekom doen diens as inwonende hoofde. Dit is steeds vir die Kollege belangrik dat 'n goeie akademiese en Christelike atmosfeer in die koshuise gehandhaaf word.

2. Akademiese Sake

2.1 Registrasie Voorgraads

Kwalifikasie	Aantal
B Diac Maatskaplike Werk (4 Jaar)	334
B Diac Jeugwerk (3 Jaar)	33
B Diac Gemeenskapsontwikkeling (3 Jaar)	64
Diploma Maatskaplike Ontwikkeling (2 Jaar)	133

Totaal **564**

2.2 Registrasie Nagraads

Kwalifikasie	Aantal
M Diac Maatskaplike Werk	24
Hons. Diac Jeugwerk	5
M Diac Jeugwerk	4
D Diac Jeugwerk	3
M Diac Spel terapie	133
D Diac Spel terapie	14
Totaal	183

2.3 Totale registrasie 2001 – 2007

Jaar	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007
Studente	415	481	534	582	632	725	824

2.4 Profiel van voorgraadse studente

2.4.1 Provinsie van herkoms

Provinsie	Totaal
Gauteng	14
Limpopo	58
Noord-Kaap	78
Noord-Wes	2
Oos-Kaap	34
Vrystaat	4
Wes-Kaap	403
Kwa-Zulu Natal	1
Mpumalanga	3
Namibië	1

2.4.2 Taalvoorkeur

Afrikaans	Engels
494	103

2.4.3 Geslag

Manlik	Vroulik
105	493

2.4.4 Kerk-/Geloofsverband

Kerk/Geloof	Totaal
AGS	23
AME	14
Ander	112
Anglikaans	51
Calvyns	2
Kongregasionalis	23
Luthers	5
Metodiste	14
Morawiërs	4
Moslem	1
Nasareners	2
NG	43
Nuwe Apostolies	10
Ou Apostolies	12
Pinkster	16
Rooms Katoliek	24
VGK	179

2.5 Grade

By Unisa se gradeplegtighede gedurende 2006 is 106 kwalifikasies aan studente van die Hugenote Kollege toegeken. Onderstaande tabel gee 'n uiteensetting van die verskillende kwalifikasies. By die gradeplegtigheid op Wellington gedurende April is medaljes aan twee Kollegestudente toegeken: Me M. Nel (B Diac JW) en M. van Heerden (B Diac MW).

Kwalifikasie	Totaal
Diploma Maatskaplike Ontwikkeling	23
B Diac Maatskaplike Werk	39
B Diac Jeugwerk & Gemeenskapsontwikkeling	16
Hons B Diac	3
M Diac Maatskaplike Werk	2
M Diac Jeugwerk	1
M Diac Speltherapie	27
D Diac Speltherapie	2
Totaal	113

2.6 Prestasies

By die openingsplegtigheid van die Kollege is prestasiebeurse aan 28 studente toegeken vir 'n gemiddelde jaar- en eksamesyfer bo 75%. Boekpryse is toegeken aan die topstudent in elke vak van elke jaargroep. Die Rektorsmedalje is toegeken aan me A. Zandberg wat die hoogste gemiddelde prestasie in 2006 behaal het.

3. Ekstra kurrikulêre aktiwiteite

3.1 UNISA- sentrum

Die volgende dienste word aan die Kollege verskaf deur UNISA:

- Verskaffing van studentennommers
- Volledige registrasie van die studente
- Hantering van al die graad- en diploma kwalifikasies van UNISA
- Hantering van die finansies en aansoeke van EDU-Loan
- "Courier" dienste vir die studente en Kollege

BDIAC	113
BSW	42
BDIAC (Maatskaplike Werk)	270
Diploma Maatskaplike Ontwikkeling	170
Hons BDIAC	4
MDIAC (Speltherapie)	46
MDIAC (Maatsaplike Werk)	4
Tydlike registrasies	207
Unisa studente "Licencee"	2715

- Finalisering van eksamenpunte se verwerking op die UNISA-stelsel
 - Reël van eksamen opsieners
 - Gradeplegtighede in die area
- Registrasies - 2007

3.2 Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers (TIW)

TIW is 'n projek van die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie van die NG Kerke . Die Buro wil bied op aanvraag toerustingsprogramme vir gemeentes en lidmate aan om hulle te help met interkulturele bedieninge binne die gemeente en in die gemeenskap. Die Buro beskik oor 'n oriënteringskursus vir voornemende sendelinge en sturende gemeentes, toerustingsprogramme vir korttermynuitreike en verskillende programme om lidmate toe te rus vir interkulturele bedieninge in hulle eie omgewing.

Sendelinge wat die oriënteringskursus vir voornemende sendelinge deurloop het, kan tans gevind word in Mosambiek, Zambië, Malawi, Sri Lanka, China, Tajikistan en Oekraïne. Jaarliks baat baie korttermynuitreikspanne by die toerusting van die Buro en gemeentes maak toenemend gebruik van die dienste van die Buro om hulle lidmate beter toe te rus vir interkulturele bedieninge in die gemeente en

gemeenskap. TIW is ook betrokke by “member care” programme om interkulturele kerklike werkers omvattend te help versorg.

3.3 Christen Vigsburo vir Suidelike Afrika (CABSA)

Die Christen Vigsburo (CABSA) is 'n projek van die Hugenote Kollege. Na meer as vyf jaar (sedert Julie 2001) is dit 'n gevestigde organisasie wat belangrike bydraes op die MIV en vigsterrein in Suider-Afrika lewer. Terwyl daar baie instansies en organisasies is wat inligting en opleiding oor MIV en vigs verskaf, onderskei CABSA hom op hierdie terrein deurdat dit met 'n duidelike Christelike vertrekpunt gedoen word. CABSA versprei korrekte inligting, skep begrip, lei leiers op en mobiliseer gemeentes. Besoek gerus www.cabsa.co.za vir 'n ervaring van die professionele dienste van CABSA.

Dié nie-winsgewende organisasie beskik tans oor die volgende personeel: Dr Nelis du Toit (Bestuurder-voltydse kontrakpos); Mev. Lyn van Rooyen (Projekbestuurder – voltydse kontrakpos); Me Meloney Goliath (Administrasie – voltydse kontrakpos) en Me Aneleh Fourie-Le Roux (Opleiding en mentor koördineerder – 10 dae per maand kontrakpos). Daar is verskeie ander persone wat op 'n ad-hoc basis by die organisasie betrokke is.

CABSA is opreg dankbaar dat verskeie gemeentes van die NG Kerk deur kollekte of donasies finansiële ondersteuning gegee het, en bid dat dit in die toekoms sal uitbrei. Ons is volledig afhanklik van donasies en befondsing om met ons werk voort te gaan.

3.4 Hugenote Bybelinstituut

Die Hugenote Bybelinstituut is 'n gesamentlike aksie van die Hugenote Kollege en Bybel-Media met die doel om Teologiese en Bybelse opleiding aan die Suider Afrikaanse bevolking te bied.

Van die kursusse word deur die Sentrum vir Kontekstuele Bediening aan die Universiteit van Pretoria geakkrediteer. Die vier geakkrediteerde kursusse tans is; Tweejaarkusus in Bybel- en Godsdienskunde, Tweejaarkursus in Jeugbediening, Tweejaarkursus in Sending, Eenjaar senior kursus in Christelike etiek. Daar is tans 220 studente wat ingeskryf is by die Bybelinstituut. Daar is ook 'n nuwe basiese kort kursus in Christelike traumaberading.

Dankbetuiging:

Ons dank en waardering aan die volgende persone en instansies wat ons daarin ondersteun:

- gemeentes, ampsdraers, kommissies en lidmate van die NG Kerk, die VGK en ander kerke vir hulle voorbidding, belangstelling en finansiële ondersteuning;
- die voorsitter, ds WC van der Merwe, en ander lede van die die Kollegeraad vir hulle betrokkenheid, meeleving, advies en kundigheid;
- die personeel van die Universiteit van Suid-Afrika vir hulle hulpvaardigheid, welwillendheid en waardevolle advies;
- die personeel van die Kollege vir onbaatsugtige diens en lojaliteit.

13 Maart 2007